Nrs./Nos. 26 & 27 1958 APRIL AUGUSTUS/AUGUST

# Pretoriana

AFRICANA




## Herdenkingsuitgawe

1948—1958

## Commemoration Edition

Digitised by the University of Pretoria, Library Services



*'n Seldsame foto van president M. W. Pretorius en sy eggenote (sittende links voor). Een van die ander drie dames was 'n suster van die President; die name van die ander twee is nie bekend nie.*

Foto: Mev. Conradie, Vermeulenstraat, Pretoria.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# INHOUD — CONTENTS

Kopiereg voorbehou.

Ons Genootskap: Dr. W. Punt.

Die 22 Stigterslede van die Genootskap Oud-Pretoria/The 22 Foundation Members of the Association Old Pretoria.

Our First Ten Years: Dr. G. W. Eybers.

Boodskap van die Burgemeester van Pretoria, Raadslid B. M. van Tonder.

Message from the Mayor of Pretoria, Councillor B. M. van Tonder.

Die Behoefte aan meer Belangstelling in Geskiedenis: Mnr. B. M. van Tonder.

Pretoria of the Future: Mr. Norman Eaton.

Pretoria kry nou Hangende Winkels.

Die Genootskap Oud-Pretoria se Tienjarige Bestaan — 'n Oorsig: Dr. F. J. du T. Spies.

'n Belangrike Historiese Gebou: Die Z.A.S.M.-Huis: Mnr. H. O. Mönnig.

Musiekaande by die Familie Middelberg in die Z.A.S.M.-Huis, Pretoria: Mnr. H. M. Rex.

'n Geskikte Terrein vir die Pretoriase Kunsmuseum: Mnr. J. J. de Jong.

Likely Site for Art Gallery/Sketsplan vir Kunsmuseum voorgelê.

Uit die Briewe van Arnold Theiler — III: Dr. F. J. du T. Spies.

Die Totstandkoming en Ontwikkeling van die Staatsbiblioteek in Pretoria: Dr. G. W. Eybers.

Prince Christian Victor: Dr. A. M. Davey.

Inspeksierapport van Pretoriase Plase — Aug. 1841: Dr. W. Punt.

Dr. Jan Ploeger vereer.

Genootskap Oud-Pretoria/Association Old Pretoria: Ledelys—30/6/1958 — List of Members. Donateurs/Donors.

Pretoriana: Eksemplare beskikbaar/Copies available.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# ONS GENOOTSKAP

## 1948—1958

TIEN jaar gelede het 'n twintigtal Pretorianers byeengekom om sake in verband met die geskiedenis van ons stad te bespreek. Uit die bespre-



*„Waar in die vorige eeu en tot onlangs die bekende Polley's Hotel in Pretoriusstraat gestaan het . . . . ."*

→

*„ . . . . verrys tans 'n sierlike gebou (van die Polisievoorsieningsfonds) wat 'n besliste aanwins vir die argitektuur van die toekomstige Pretoria is."*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

king het dit geblyk dat die tyd ryp was om 'n liggaam in die lewe te roep wat oor die geskiedenis van Pretoria en distrik sou waak. Op 22 Maart 1948 het die twintigtal persone toe die Genootskap Oud-Pretoria, met die leuse: „Ons beskerm die verlede in die hede" gestig. Die 22 stigterslede van destyds het tans aangegroei tot ongeveer 200 lede.

In die tien jaar van ons bestaan het ons die laaste huise van die rustige Pretoria van weleer sien verdwyn. Selfs die swierige en statige herehuise uit die glorietydperk van die Zuid-Afrikaansche Republiek word een na die ander gesloop. Weldra sal Ou-Pretoria net in beeld en geskrif voort bestaan.

Ou-Pretoria, soos baie van ons dit nog geken het, is deur die huise en sakegeboue van 'n moderne stad vervang. Die hartbeeshuisies en geweltjies uit die stigtingsjare van ons stad bestaan nie meer nie, maar die gees en trots van ons stadsburgers in alles wat Pretoria raak, leef voort. Lede van ons Genootskap stel juis daadwerklik belang om die geskiedenis, sedes en gewoontes te bewaar en ons aandeel te verseker in die handhawing van die feit dat Pretoria die mooiste stad van die Unie is.

Ons Genootskap het tien jaar se arbeid in belang van ons stad agter die rug. Ons lede het veel tyd bestee aan navorsing van ons stad se geskiedenis. Straat- en oordname, die oprigting van geboue en talle ander sake het veel nougesette aandag geniet en baie van die gegewens wat in die loop van die tyd deur ons lede nagevors en ingewin is, is in ons eie bekende blad, „Pretoriana," waarvan tot op datum 25 nommers verskyn het, gepubliseer. In die afgelope tien jaar was dit dan ook altoos die strewe van die Genootskap om ons Stadsraad en ander liggame met inligting in verband met ons stadsgeskiedenis behulpsaam te wees.

Ons lede het net een strewe en dit is om alles wat mooi en goed is in ons stadsontwikkeling te handhaaf en daarop voort te bou. Waar moontlik sal ons ook ons invloed laat geld om op die grondslag van Elandspoort, die mooiste plaas in die beroemde Apiesriviervallei, voort te bou. Oordname, voorkoms van strate, geboue, parke en pleine moet in ooreenstemming wees met die weelderige natuurskoon van Gert Bronkhorst se eerste aanleg. Na een eeu heers daar oor Pretoria nog die rustige atmosfeer van 'n residensiestad. Ons vertrou en hoop dat ons in die loop van die volgende tien jaar die stadsbeplanners daarvan sal oortuig dat hierdie kenmerke van Ou-Pretoria behou behoort te word.

Waar in die vorige eeu die Transvaal Hotel, en tot onlangs die Polley's Hotel gestaan het, verrys tans 'n sierlike gebou wat 'n besliste aanwins vir die argitektuur van die toekomstige Pretoria is. Die gebou is deur een van ons lewenslede, mnr. Norman Eaton, ontwerp. Mag die

*„. . . . Die sierlike gebou is deur een van ons lewenslede, mnr. Norman Eaton, ontwerp. Mag die grootsheid en skoonheid van hierdie gebou in elke opsig toonaangewend word . . . ."*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

grootsheid en skoonheid van hierdie gebou in elke opsig toonaangewend word.

Maar ook op ander gebiede sal ons lede hulle moet laat geld. Die toekenning van oordname en die verspreiding van die kennis in verband met ons stadsgeskiedenis is sake wat in die komende tien jaar nog steeds ons aandag sal verg. Reeds stel die Historiese Vereniging van die Pretoriase Onderwyskollege daadwerklik belang in die Genootskap Oud-Pretoria. Kennis wat die studente sodoende opdoen sal mettertyd na alle dele van Transvaal en elders uitgedra word.

Deur nouer, geesdriftige en opregte samewerking met openbare liggame en persone sal die Genootskap Oud-Pretoria nog veel meer diens aan ons stad kan lewer. Ons vertrou dat die Genootskap mettertyd nog meer erkenning van ons stadsvaders en burgers van Pretoria vir geskiedenis sal geniet. Met trots kan ons na die afgelope 10 jaar terugkyk en met vertroue gaan ons die volgende dekade tegemoet.

Ten slotte ons dank aan ons Stadsraad, besighede, ons lede en alle ander persone wat ons in die verlede so getrou bygestaan het.

W. PUNT,

*Voorsitter, Genootskap Oud-Pretoria.*

---

## DIE 22 STIGTERSLEDE VAN DIE GENOOTSKAP OUD-PRETORIA.

## THE 22 FOUNDATION MEMBERS OF THE ASSOCIATION OLD PRETORIA.

Basson, Mnr. P. J. H.; Behrens, mnr. H. P. H.; Beyers, dr. Coenraad; Bosman, dr. F. C. L.; Brugman, mnr. A. P.; Cooper, Mr. & Mrs. W.; Court, Miss Cobie; Du Toit, dr. P. J.; Engelbrecht, prof. S. P.; FitzSimons, dr. V.; Kuit, mnr. Albert; Lane, Mrs. Estelle C.; Mouton, mnr. (tans dr.) J. M.; Pelzer, prof. A. N.; Ploeger, dr. J.; Punt, mev. P. E.; Punt, mnr. (tans dr.) W.; Smal, ds. P.; Ueckermann, dr. A. G.; Van Niekerk, mnr. Melt; Van Wyk, mnr. (tans dr.) S. L.

---

# OUR FIRST TEN YEARS

IN one of the most notable passages to be found in all his works Shakespeare has the thought that there is something in the air over



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

the little island of England that makes bondman and slave drop his fetters the moment he arrives and breathes its air.

Surely there is something about Pretoria that almost instantly commands the loyality and affection of those who sojourn within its gates. Undoudtedly that something is connected with the mildness of its climate and the beauty of its surroundings. The other day a visitor to our little farm outside Pretoria indicating with a wide sweep of his arm the surrounding hills and the valley and the many trees and the tambootie grass of the countryside declared:

"Here I wish to live and nowhere else."

But apart from the joy we have in the beauties of our scenery, there is also the pride in what we have built into our city: our homes, our streets, our public buildings and our parks. And arising from that pride there is the desire to maintain what we have established.

When many years ago there was a scheme in certain quarters to build first a church for one congregation and then a church for another congregation in one of our parks, President Kruger put his foot down.

"The Park," he said, "was not intended for the purpose of erecting a building in it"; and so one of the beauty spots of the city was kept unscathed.

Let us maintain our traditional respect for the open spaces of our city.

Doubtless, too, as citizens of Pretoria we delight in the expression of our devotion to this city because we find here the joy of a common heritage and a common loyalty untouched by divergent views that still tend to weaken us in some of our aims.

And so we proceed, as we always must, from our home town and its storied past to the wider horizons of our entire homeland — and beyond that. On the fringe of our city we are now starting, in co-operation with our City Fathers and the Government of the Union, a South African Open Air Museum. Therein we must exhibit and endeavour to explain the doings of the older races of South Africa, the Bushman and the Hottentot, as well as those of the more recent arrivals, the White Man and the Bantu. There, too, we must note the development of South Africa in its world setting and something of the culture which flowed from Holland, France, Germany, Great Britain and the other countries will be shown.

There is great cause to take courage from the first ten years of the life of the Society Old Pretoria, for in those years we have become conscious of our purpose and we have begun to formulate our aims. Now we are girding our loins for their achievement.

And we need the help of everyone who reads these lines. He and she can join our ranks and can assist us to think our thoughts clearly and perform our task with success.

G. W. EYBERS,

*Vice-Chairman, Association Old Pretoria.*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# BOODSKAP VAN DIE BURGEMEESTER VAN PRETORIA

HIERDIE uitgawe van „Pretoriana" word gewy aan die herdenking van die 10-jarige bestaan van die Genootskap Oud-Pretoria, wie se mondstuk hierdie tydskrif is.

Graag wil ek my dan by diegene skaar wat die Genootskap met sy verjaardag gelukwens, en hom terselfdertyd van my beste wense vir die toekoms verseker.

Van 'n beskeie oorsprong het „Pretoriana" vandag gegroei tot 'n publikasie, die verskyning waarvan gretiglik deur sy lesers afgewag word. Dit is nie verbasend nie, want op sy bladsye het daar 'n groot verskeidenheid van artikels verskyn wat met die verlede van die stad te doen het.

Ons is egter almal bewus van die groot gebrek aan belangstelling in die geskiedenis.

Miskien is dit gepas dat by so 'n geleentheid ons almal ons gedagtes laat gaan met die doel om moontlike verbeterings vir die toekoms daar te stel. In dié verband wonder mens soms of „Pretoriana" nie sy invloedsfeer grootliks sou kon uitbrei indien hy met groter organisasies wat hulle vir dieselfde doel beywer, sou saamwerk nie. Ek lê hierdie gedagte vir oorweging in die midde van die lede van die Genootskap Oud-Pretoria wat nou die eerste mylpaal van 'n 10-jarige bestaan herdenk.

B. M. VAN TONDER,
*Burgemeester van Pretoria.*

---

# A MESSAGE FROM THE MAYOR OF PRETORIA

THIS edition of "Pretoriana" is devoted to the commemoration of the 10th anniversary of the Society Old Pretoria, this periodical being its mouthpiece.

Hence I want to associate myself with those who are congratulating the Society on its birthday and to assure it of my best wishes for the future.

From a humble beginning "Pretoriana" has grown to be a publication whose appearance is eagerly awaited by its readers. This is not surprising because a large variety of articles dealing with the past of the city appeared in its pages.

We are, however, all aware of the great lack of interest in history.

Perhaps it is fitting that on such an occasion we should all consider what possible improvements could be effected in the future. In this connection one wonders whether "Pretoriana" could not greatly extend its



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



*Die Burgemeester van Pretoria, Raadslid B. M. van Tonder.*
*The Mayor of Pretoria, Councillor B. M. van Tonder.*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

sphere of influence if it were to co-operate with larger organisations having the same aims. I put forward this idea for consideration by the members of the Society Old Pretoria which now commemorates the first decade of its existence.

B. M. VAN TONDER,
*Mayor of Pretoria.*

---

# *DIE BEHOEFTE AAN MEER BELANGSTELLING IN GESKIEDENIS*

*Toespraak van die Burgemeester, raadslid B. M. van Tonder, by geleentheid van die herdenking van die stigting van die Genootskap Oud-Pretoria op 22 Maart* 1948.

AS gas op u verjaardagviering is dit my eerste plig om u Genootskap met sy tienjarige bestaan, wat hy vanaand herdenk, geluk te wens. Die feit dat u hierdie herdenking kan vier, is vir my voldoende bewys dat u Genootskap wortel geskiet en sy bestaan in ons samelewing geregverdig het.

Uit die aard van die saak kan u nie met 'n groot ledetal spog nie, soos miskien die geval sou wees indien u 'n rugby- of krieketklub was. Myns insiens is dit jammer dat organisasies wat ons geestelike belange behartig nooit so gewild is en nooit so ruim ondersteun word soos dit met ander vertakkings van ons samelewing, soos byvoorbeeld sport, die geval is. Moet my nie misverstaan nie; ek loods hier geen aanval op sport of enigeen van sy vertakkings nie. Daardie bedrywighede speel ook 'n belangrike rol in ons lewe.

Wat my betref, wil ek graag enige poging ondersteun wat gemaak word om die geskiedenis van ons land in die algemeen en die geskiedenis van ons stad in die besonder meer gewild en bekend te maak.

In dié opsig het u Genootskap baie gedoen, en onder u lede moet daardie Pretorianers getel word wat meer op hoogte is van hulle stad se geskiedenis as die gewone burger.

Terwyl ek oorweeg het wat ek vanaand vir u sou sê, het die gedagte by my opgekom tot watter mate ons kinders op hoërskool in geskiedenis belangstel, of verplig word om hierdie onderwerp as vak te neem. Die Transvaalse Onderwysdepartement het vriendelikerwyse die volgende gegewens vir my beskikbaar gestel:

Verlede jaar het daar altesaam 5,820 kinders die matriekeksamen geskryf. Hiervan het maar net 3,425 geskiedenis as 'n vak geskryf. 'n



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Verdere ontleding hiervan toon dat amper 2,000 Afrikaanssprekende en 1,500 Engelssprekende kinders in hierdie vak eksamen afgelê het.

I am disappointed that only a little more than half of our Transvaal matric pupils take history.

Another fact, however, almost shocked me. As you know, the University of Pretoria is the greatest institution of its kind in our country, catering mainly for full-time students. A week or so ago over 6,000 students had already registered. Of this number less than 300 were going to take history as a subject. This to my mind shows that among our young people there is a deplorable lack of interest in history.

Perhaps I can go further and say that this also applies to a high percentage of the older generation. To quote one example, I would like to mention something that happened in the Council the other day. The Council was then dealing with the present position at the Schanskop and Klapperkop forts. As you know, they were proclaimed national monuments some time ago. Shortly afterwards the Council agreed to maintain them. But for several years no financial provision was made for their care. The Council is at present reconsidering the whole position. So far, however, no final decision has been taken.

Societies like yours, which are interested in history, should make representations to the Council. This would help those councillors who try to get something done in these matters.

The Council is a democratic body. It is guided by what the people of Pretoria want. Sufficient public support for this and other similar schemes will force the Council to take active steps.

Mnr. die Voorsitter, laat my toe om af te sluit deur u en alle lede van u Genootskap alle heil en voorspoed vir die toekoms toe te wens.

— B. M. VAN TONDER.

# PRETORIA OF THE FUTURE

*Composed by Mr. Norman Eaton from notes used at an extempore talk to the Association Old Pretoria at the Culemborg Hotel, Pretoria, on the evening of the 24th of March,* 1958.

IN speaking about "Pretoria of the Future" tonight I am not about to act the part of clairvoyant and interpret for you the coming visual results of present building trends in our developing city — (perhaps it is as well I cannot) — but am, quite unashamedly, going to treat you briefly to some wishful thinking about what the future *could* hold for it and, in the process, sketch for you broad outlines of a verdurous and humanised



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Pretoria which I suspect you would very much like to inhabit if you could but the vision of which you will probably dismiss at first as some sort of Utopian dream.

Looking back for the moment at "Pretoria of the Present," I do not have to introduce you to the lovely natural setting in which our city has grown, its responsive soil, its especially interesting flora such as the wit-stinkhout-, kiepersol- kaffirboom- and suikerbos-trees and the various thorns, or to the wonderful "outdoor" climate it enjoys all the year round. Our Fountains Valley; Van Boeschoten Drive, Grosvenor Park at Hatfield and the willow-studded parklands of the University Farm east of Colbyn— taken as random examples — are evidence, too, of what Nature with the sympathy and assistance of man can be expected to do wherever we choose to encourage and allow it.

From this "Gift of the Gods," this Heavenly Cue, turn then and contemplate the hard, agressive spread of urban building as we have recently known it — particularly since the lifting of Building Control after the last war. That this man-made harshness is less evident in the older established suburbs than in the city itself is, I suggest, due in most cases almost entirely to the gardens and trees which surround each house in these areas. And, remember, it is these gardens more than anything else which captivate and charm visitors to our town. In some of the new speculative suburbs which have not yet acquired this gracious camouflage the raw ugliness of housing development seen as a mass is a constant shock to the senses, ruining many an erstwhile beautiful view, and yet it is accepted without murmur by people quite strenuously vociferous about many less important hurts as if it were some inevitable malady peculiar to such development about which nothing could be done but wait patiently for Mother Nature eventually to come to the rescue.

To return again to purely urban development, the same fatalistic "laissez faire" seems to explain our silent acceptance of the near-level-heighted, careless, architectural mixture that characterises too much of our city building showing as pompous or non-descript facades that flatly line the dull vistas of its streets — the more dull for being subject to the monotonous grid-iron pattern which calculating land surveyors imposed upon the natural and better logic of the old radiating foot and wagon paths connecting poort to poort and to the embryo town in its earliest days.

For a long time our city trees — a heritage from more gracious days and less harrassed town officials — did much to soften and weld together this depressing jumble but now these old trees are fast disappearing from the centre areas. Why? Because shop-window-conscious owners of "bigger and better" busines frontages aided and abetted by the City Council through certain single-minded municipal officials do not like them and even actively oppose their replanting where sympathetic developers have



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

wished this and have sacrificed or curtailed pavement canopies to make this possible. And where trees have no yet been bodily removed they are being lopped and cut and generally mauled and disfigured by official protectors of over-head electrical lines to such an extent as to reduce their natural beauty to almost nothing. Frequently too, where the expanding centre of the city has encroached on old dwelling sites magnificent mature trees and shrubs have been there ready for incorporation into an imaginative scheme but, always, they have been the first things to be sacrificed to the advancing urban jaggernaut.

Our city is growing rapidly — too rapidly and, unfortunately, too thoughtlessly. We are overawed by and becoming the slaves of technical things. In the name of progress the worship of tarmac and telephone poles has replaced that of trees.

Questions that constantly confront me in viewing our city life in the last decade or so are:— "WHAT ARE ALL WE CITY WORKERS LIVING AND STRIVING FOR?", "MUST WE SPEND OUR WORKING HOURS — ONE THIRD OF OUR LIVES — IN THIS ATMOSPHERE OF NERVOUS STRAIN AND UGLINESS?", "IS OUR HEALTH NOT GREATLY AFFECTED BY THIS STATE OF AFFAIRS?", "WOULD LIFE AS A WHOLE NOT BE VERY MUCH MORE WORTHWHILE IF WE COULD LEAD IT DURING EVERY WEEKDAY IN AS GRACIOUS A MANNER AND IN AS HARMONIOUS SURROUNDINGS AS WE TRY TO PROVIDE IN OUR HOMES?", "WOULD OUR ABILITY TO DO SO NOT IN FACT STAMP US AS A CIVILISED PEOPLE INSTEAD OF CONFUSED BARBARIANS PLAYING WITH FRANKENSTEINIAN TOYS OF OUR OWN MAKING?" Your answers I am pretty certain, will be much the same as mine.

In continuing this wishful pursuit of things that nourish and move the human spirit, give joy to the heart and make life worth living in the way that purely practical things can never do, I am going to ask you whether you would not like to see added to your city's visual details — not as extravagances but as necessities — some of the following non-utilitarian embellishments:—

1. Would you like to keep your central CITY STREETS LINED WITH HEALTHY WELL-TENDED TREES with which shops, electrical communications and pipe lines must learn to live as servants, in submission, and not as masters?
2. Would little unexpected, OFF-PAVEMENT BAYS here and there carrying say a SPECIAL TREE, an INTIMATE FOUNTAIN, an INTERESTING PATTERNED PAVEMENT, a PIECE OF SCULP-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



*An illustration of the marriage between Nature and Building in Pretoria.*
Photo: Norman Eaton.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

TURE or MURAL DECORATION not contribute that element of surprise and elation that such things do, and did, in so many older cities throughout the world?

3. Would you like to have many BROAD, SPACIOUS ARCADES providing plenty of room for easy movement; space for PAVEMENT CAFES, and for the informal stalls of FLOWERSELLERS, FRUIT-SELLERS, ARTS AND CRAFTS SELLERS and other colourful, individual and intimate things such as these, spilling out in friendly fashion among the passing people all well away from the rush of the traffic-filled street and protected from the weather?

4. Imagine a great enclosed CENTRAL PARK filled with fine trees and shrubs and greenery such as the Botanical Garden in the heart of Capetown, with a really Great Fountain throwing up its sparkling jet to a hundred feet and more, an OPEN AIR CAFE in it for sun-speckled lunches and BIRDS. Could not the whole of Church Square with the traffic diverted, become such a place. If you have ever seen and felt the remarkable transformation that comes over everyone entering Capetown's garden you will see the point of my suggestion. From the most be-spatted Mount Nelsoner to the humblest coloured maid — and two such as these very often quite unselfconsciously seated at each end of the same wooden bench — all seem to feel suddenly and gratefully relieved from the strains and stresses of the tense surrounding city and are visibly relaxed and at peace as if aware, in this soothing Arcadian shrine, of some infinitely benign and understanding spirit forever present there. See and feel this and you will appreciate what such a sanctuary could mean placed — just as conveniently — in the heart of Pretoria too.

5. And then another PARK AS A SETTING FOR AN ART GALLERY — a building which is itself a work of art of the highest order, an exciting and stimulating thing; a major attraction in the life of our city for *all* of us — and not merely a thrifty shelter for a young collection visited more often than not by intellectuals only.

6. And yet another spacious PARK WITH A THEATRE, CONCERT HALL AND OPERAHOUSE as its centre-piece, with setting for outdoor ballet on the fringe of a miniature lake and a bandstand for music "al fresco", in and around all of which it would be a pleasure to stroll between performances.

7. And similar PARKS FOR OUR PLACES OF WORSHIP — quiet meditative sanctuaries well withdrawn behind God's green acoustic screen from the frenzied life outside and like the other parks, linked with adequate adjoining car parking places to facilitate one's approach and help preserve the "quiet" and the pedestrian freedom within.

8. Think of the flat roofs of our city blocks developed as peaceful



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

ROOFGARDENS, HIGH UNDER THE SUN, MOON AND SKY, equipped in some cases with gay PUBLIC RESTAURANTS, SWIMMING POOLS and the like or set aside simply as relaxed gardens of rest instead of being left the shabby, wasted spaced they are in practically all instances today.

9. Imagine buildings here and there being LIFTED ON STILTS so that shaded spaces with VIEWS THROUGH TO INTERNAL GARDEN COURTS could be had at street level.

10. Think of a hundred other ways in which our city could OPEN U. AND BREATHE and become INTERMINGLED WITH TREES AND GARDENS, SPARKLING WATER AND WORKS OF ART

New ideas you ask? Not at all. All the older cities of the great eras of the past have at one time and another established some or all of these things.

Utopian and impracticable under present circumstances you say. Perhaps. But I am not thinking about the mad experimental chaos of present circumstances. I am asking you if you think these things will add to the enjoyment and fullness of life were they possible. If you have a spark of human warmth and imagination I suggest your answer must be YES.

I suggest also that whether these things become achievable or not will depend on how deeply you as ordinary citizens of Pretoria feel they are worth striving for as an essential part of everyday living and will give active support and encouragement to each individual attempt that is made, step by step, to bring them about.

What you may ask are the main factors preventing this Utopia?

Most of al I think it is due to a depressing LACK OF LEADERSHIP on the part of people who have most to do with the shaping of these things — ARCHITECTS, PROMOTERS and CITY LEGISLATORS. Added to this, and largely because of it, is the apathy and lack of imagination of citizens in considering and demanding these things and thereby creating circumstances in which individual developers and city authorities will be encouraged to provide them.

Then there is the ATTITUDE OF THE AVERAGE DEVELOPER BOTH PRIVATE AND GOVERNMENTAL. With the former it is invariably "PROFIT AT ALL COST AND THE HIGHEST % RETURN ON INVESTMENT AS QUICKLY AS POSSIBLE" — an urgent gamble against obsolescence. They could not "care less" whether they are making a contribution to the city or not or whether you got joy and pleasure from the results of their building activities so long as you paid your rent. With the latter it is THRIFT WITH AN EYE ON THE ELECTORATE — an electorate nurtured since childhood on a strong belief in the wisdom of the same selfseeking profit motifs — a sort of vicious circle. A shocking



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

present sidelight to this parsimony is the encouragement given by the Government to the speculative type of private promoter to build office-space for it at rental rates which force the quality of building down to the lowest level, thereby flatly denying the leadership it, almost above all others, should show in these matters. Except in rare and relatively trivial details neither of these developers is today prepared to reduce profits or thrift to allow their building schemes to make significant and lasting contributions to the communities in which they are placed.

Another asset this country badly lacks is the PRIVATE PHILANTHROPIST who instead of frittering away his benefactions in a number of relatively small charities, none of which, as a result, individually obtain anything very substantial, will — with the great imagination shown by so many moneyed Americans in recent times — return part of the profits he has made in a country or province by way of some magnificent gesture such as A THEATRE, AN ART GALLERY, A LIBRARY, AN HISTORIC RESTORATION, A PARK and so on — freely donated and endowed to the lasting pleasure of everyone and remembered and enjoyed long after all the perishable little giftings are forgotten.

Then again there is the continual irritant and obstruction to THOUGHTFUL AND ENLIGHTENED BUILDING caused by the INFLEXIBLE, UNIMAGINATIVE LEGISLATION which, through city BYELAWS AND REGULATIONS — (designed to deal with abuse on the lowest common level) — is administered by officials who have little freedom — (and don't want the little they've got) — to deal with each case on its merits and by generous concession recognise genuine attempts to make improvements in amenities which a strict enforcement of the letter of the law would not otherwise allow. This negative attitude will not — and does not seem to wish to — take account of those more subtle aspects of building which, having satisfied the physical needs of man, attempt to carry the problem to the higher and more important level of his mind and spirit. This attitude also, unfortunately, plays into the hands of the unworthy type of developer and his even more unworthy professional advisors at the same time actively working against those who wish to make some real contribution. A glance at the sort of stuff which "fully complies" with the Regulations but does nothing more, will indicate at what a low level these regulations operate.

An instance of this obstructive legislation is the HEIGHT RESTRICTION OF BUILDINGS.

Militating against the skilful manipulation of building volume, to provide free ground area for many of the wishful amenities touched upon earlier, is the REGULATION FIXING THE HEIGHTS OF BUILDINGS. Everyone will agree that the fixing of the floor area which in turn fixes the density of population upon a given site and thereby the density of the



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

traffic in the streets adjoining it, seems reasonable and proper, but to superimpose on top of this a height restriction has the automatic effect of causing the densest possible development over the site within this height giving no encouragement or opportunity to release ground for generous piazzas, bays, cours, etc., the lost rentable area of which could otherwise have been regained at a higher height. Vague but quite illfounded aesthetic reasons and equally invalid theories about inevitable light interferance with adjoining properties have been put forward for this restriction but nothing that has been supported by convincing and conclusive reasoning. It is of interest here to mention that a dense city like Chicago in the U.S.A., whose buildings already soar three or four times the height of ours, is in fact offering added storeys as a "height premium" in proportionate compensation for the release of open site area for the very amenities mentioned above.

As the matter stands today in Pretoria, if you were to drive a wide covered street or arcade through your property or create a generous piazza in front of it at great sacrifice of rentable space you could expect to receive no compensating concession of any kind worth mentioning from the city authorities.

Some years ago a small group of Pretoria architects fought for, and very nearly succeeded in getting the then City Council to establish, the post and appointment of a highly qualified, imaginative and well paid City Architect and Town Planner; head of an autonomous department and a *leader* in matters of Civic Architecture responsible *direct* to the Council. This is still worth fighting for as the only way in which a positive step can be taken towards that reasonable state of affairs in which merit in building is encouraged, and no prejudiced by arbitrary and inapplicable requirements in the "written word" of adamantly applied Regulations.

Last but by no means least important "nigger in the woodpile" is the UNWORTHY PROFESSIONAL MAN — THE ARCHITECT MAINLY whose fees mean more to him than finer feelings; who panders to an ill informed client for fear of loosing the job, refusing or being unable to give the leadership so badly needed; whose main devotion is to securing jobs — (the more the merrier) — and disposing of them as quickly (and as skimpily) as possible. His cut fees indicate cut services and probably illegal monetary "side" commissions too. Full fees to him would be "money for jam". The endless work and patience, the continuous supervision and unflagging devotion required to produce worthy works of architecture — even of the simplest kind — are to him a fool's indulgence. The mushroom growth of so much that has turned out to be dull and meaningless in Pretoria's building activity in recent years suggests that in output if not in numbers, this type of architect is, unfortunately, not in the minority.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

But as I said at the beginning, the main barrier to the realization of the wishful "Garden of Eden" I am asking you to visualise tonight is not so much these latter handicaps, formidable though they are, as it is the apathy— innocent or pointed — of citizens who make such things possible by continuing passively to accept or tolerate them.

What are the first steps by which this Utopia might be achieved? I would make the following suggestions.

1. First and simpliest DON'T BELIEVE ANYONE WHO SAYS IT IS UNATTAINABLE.
2. Take every occassion, where you are given the power or the opportunity to promote building work, to CONSIDER ALL ASPECTS OF THE POSSIBLE PROFIT TO BE FOUND IN CONTRIBUTING NON-UTILITARIAN THINGS OF BEAUTY TO THE TOWN — things that move the human heart and spirit even though they may not be translated into ordinary terms of usefullness and % return. There may be even considerable indirect monetary profit in the advertisement value resulting from gifts which provide spiritual stimulation and satisfaction to the man on the street.
3. DENY AS OFTEN AS POSSIBLE THAT MATERIAL PROFIT IS EVERYTHING and listen to that inner knowledge you already have that giving things creatively beautiful produces — like radium — a sort of ever living radiance that continues profitably to glow for immeasureable ages after the actual act of gifting has been done.
4. BELIEVE THAT YOU *CAN* AFFORD TO GIVE THESE THINGS — (almost hat YOU CAN'T AFFORD NOT TO) — and that the growing delight and appreciation of others is probably the most worthwhile of all profit.
5. Realize that the great HUMANISING and BEAUTIFYING VALUE OF LIVING GARDEN FOLIAGE can function as beneficially in the CITY as you obviously already know it functions round your homes.
6. Consider seriously whether the MENTAL HEALTH THROUGH ADDED SPIRITUAL SATISFACTION which this Utopia could in a large measure supply, might not be a thousand times more valuable as a preventative in avoiding consequential physical ills induced by the alternative urban conditions tormenting us today than all the hospitals, nursing-homes and other curative places we are building by the score in a desperate attempt to cope with these ills and upon which we — in our fear — unhesitatingly lavish vast and ever increasing sums of money.
7. Most of all listen to that still, small voice of yours saying THIS IS GOOD, IT IS BEAUTIFUL, IT IS RIGHT.

NORMAN EATON.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# PRETORIA KRY NOU HANGENDE WINKELS

"DIE hangende winkels van Pretoria." Hierdie beskrywing sal nogal passend wees vir 'n ultra-moderne nuwe gebou wat tans ten koste van 'n halfmiljoen pond in die Hoofstad verrys.

Die eienaars, die Polisie-voorsieningsfonds, het blykbaar aan die argitek, mnr. Norman Eaton, vrye teuls gegee en in die plek van die ou Polleys-hotel neem nou 'n gebou vorm aan wat tref deur 'n hele reeks nuwighede wat nog nie in Suid-Afrika gesien is nie. Een van die eienaardigste effekte word bereik deur die massiewe pilare nie aan die tussenvloere te laat raak nie, met die gevolg dat dit lyk asof die vloere in die lug hang.
mens feitlik dwarsdeur die gebou kyk. Die vloer van die deurloop sowel as die pilare is versier met mosaïek en marmer en die geheel sal 'n kleur-

Die winkels op die grondverdieping is met glas van mekaar geskei sodat volle indruk skep wanneer die winkels eers hulle vrugte, blomme en gekleurde ware uitstal.

Die gebou lyk van buite soos 'n boekrak waardeur pilare loop. Aan die Schoemanstraat-kant word 'n aantal verdiepings opgerig wat die boekrak-glaskas-idee nog verder voer. Ook kantore sal van mekaar geskei word deur glasmure. Dit is derhalwe maklik om die mure te verskuif om sodoende die kantore groter of kleiner te maak.

Sodra hierdie gedeelte van die gebou voltooi is, sal dit betrek word deur die personeel van die Polisie-hoofkwartier.

— *Dagbreek en Sondagnuus*, 13/4/1958.

---

# DIE GENOOTSKAP OUD PRETORIA SE TIENJARIGE BESTAAN – 'N OORSIG

NOU dat die Genootskap Oud-Pretoria tien jaar lank bestaan is dit miskien tyd om te besin, om na te dink oor die werk wat die Genootskap in die tien jaar verrig het; oor die mislukkings en suksesse van sy optrede; oor die betekenis daarvan in die samelewing van Pretoria; ook oor die kritiek wat dikwels van verskillende kante gelug word; ja selfs oor die vraag of die vereniging 'n bestaansreg het of nie. Hier gaan dit egter nie daarom om die hand in eie boesem te steek nie en om te ontleed wat die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

reg en verkeerd in die optrede van die Genootskap Oud-Pretoria was nie. Hier slegs 'n oorsig van die werksaamhede van tien jaar — en die leser moet dan maar self oordeel.

Daar was niks skouspelagtigs in die ontstaan van die Genootskap Oud-Pretoria nie. Op 22 Maart 1948 het 'n twaalftal persone in die huis van dr. W. Punt in Muckleneuk byeengekom om die wenslikheid te bespreek van „'n vereniging, genootskap, komitee of ander liggaam wat die voortou sou neem met alle navorsing aangaande die geskiedenis van Pretoria." Wat die direkte aanleiding was en van wie die inisiatief uitgegaan het— daaroor swyg die notule. Blykbaar was die hele opset aanvanklik maar vaag. Daar is op hierdie stigtingsvergadering gedink aan en gepraat oor: die aanstaande eeufees van Pretoria wat toe nog sewe jaar in die verskiet was; geskiedkundige geboue wat sonder die minste piëteitsgevoel gesloop word; oudhede wat verlore gaan; historiese materiaal en gegewens wat weens verwaarlosing aan vernietiging blootgestel word. Hoe ook al in die onsekere rondgetas is, alle aanwesiges was klaarblyklik vervul van die besef dat die verlede van die hoofstad meer aandag moet geniet en dat 'n organisasie noodsaaklik is. Daar is dan ook eenparig besluit om oor te gaan tot die stigting daarvan.

'n Voorlopige komitee bestaande uit mnr. (tans dr.) W. Punt, dr. C. Beyers, prof. A. N. Pelzer en mnr. H. P. H. Behrens het kort hierna 'n konsepgrondwet opgestel wat met enkele wysigings later aangeneem is. Hiervolgens is die benaming *Genootskap Oud-Pretoria* vasgestel. En die doeleindes daarvan staan in verband met: „histories belangrike geboue en plekke", „geskiedkundige voorwerpe", „dokumente of voorwerpe van geskiedkundige belang", „geskiedkundige feesvierings" en die „verlening en verandering van geskiedkundige benaminge".

So het die Genootskap Oud-Pretoria dan vorm aangeneem en met sy selfopgelegde taak begin, met dr. W. Punt as ywerige voorsitter wat hy nog vandag is; d.w.s. hy is vandag nog voorsitter en hy is vandag nog ywerig. Dit was van die begin af duidelik dat die liggaam weinig vermag sonder medewerking van die Stadsraad van Pretoria. Gelukkig is die medewerking en erkenning van die kant van die Raad spoedig verkry. Die Stadsraad steun die Genootskap geldelik, het 'n verteenwoordiger op die bestuur en die burgemeester funksioneer oor as ere-president. Oor die tien jaar was die samewerking met die Stadsraad altyd baie hartlik.

Om al die werksaamhede van die tien jaar te bespreek is nie doenlik in 'n artikel van hierdie omvang nie. Daar word dus net enkele grepe gedoen.

Die Genootskap het sy intrede in die publiek geneem met 'n openbare vergadering in Augustus 1948 by welke geleentheid professor S. P. Engelbrecht 'n lesing oor die geskiedenis van Pretoria gehou het. Trouens die Genootskap het altyd as een van sy belangrikste take gesien die bekendstelling van die kleurryke geskiedenis van die stad aan die gewone inwoner



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

van Pretoria. Verskeie dergelike lesings is later gehou: in 1949 dr. J. H. Breytenbach oor die herkoms van die straatname van Pretoria-sentraal; in 1951 nogeens prof Engelbrecht oor die geskiedenis van Kerkplein; in 1956 mnr. H. M. Rex oor die kerkplaas Elandspoort; dit benewens verskeie ander onderwerpe op openbare vergaderings waarby die geskiedenis van Pretoria noodwendig ter sprake moes kom.

Op die gebied van plekname (veral straatname) het die Genootskap oor die jare veel en na ons mening verdienstelike werk gelewer. As beleid is vasgelê dat die Genootskap teen die willekeurige verandering van plekname gekant is. By geval van duplisering is verandering egter noodsaaklik, en dit het veelvuldig voorgekom so dikwels van die buitestedelike gebiede by die stad ingelyf is. Die Genootskap was ook sterk verteenwoordig op 'n spesiale komitee van die Stadsraad wat hierop ingegaan het. In die meeste gevalle is die aanbevelings van die Genootskap aanvaar. Die uitgangspunt was altyd dat die oudste naam gehandhaaf moet word en dat 'n nuwe naam gesoek moet word in die verlede van die bepaalde gebied—en veral dat sover moontlik nog lewende persone nie vernoem moet word nie.

Hierdie laaste was ook die uitgangspunt vir die naamgewing in nuwe stadswyke, wat feitlik konsekwent na die Genootskap verwys word. So was die Genootskap verantwoordelik vir die meeste straatname in Waltloo, 'n naam deur die Genootskap voorgestel; in Groenkloof, ook 'n naam deur die Genootskap aanbeveel in plaas van die eerste benaming Klapperkop; in Kirkness, 'n naam waarteen die Genootskap protesteer het; in Lukasrand, ook 'n naam deur die Genootskap voorgestel vir die nuwe wyk wat op Muckleneukheuwel uitgemeet is. En nog verskeie ander.

Daar is ook ernstige pogings aangewend om die herkoms van al die straatname van Pretoria na te vors en die geskiedenis daarvan te skryf. Baie gegewens is ingesamel, maar weens gebrek aan kantoorfasiliteite en iemand wat hom voltyds aan 'n dergelike navorsing kan wy, is die taak nog nie afgehandel nie.

In 1950 het daar gevaar bestaan dat die bekende paar eikebome in Visagiestraat, die enigste wat oorgebly het van 'n hele straatbeplanting uit die vorige eeu, sou verwyder word. Na vertoë tot die Stadsraad het die parke-afdeling egter hulle besluit in hersiening geneem en die twee bome staan vandag nog.

Sedert dieselfde jaar het die Genootskap Oud-Pretoria met verskeie liggame saamgewerk om die Ou Goewermentsgebou tot 'n historiese monument verklaar te kry en het dan ook op die Ou Raadsaal-bewaringskomitee gedien. Nou verbonde hiermee was proteste teen verandering van Kerkplein soos deur die Holford-plan beoog. Die Genootskap het daarop gestaan dat die historiese karakter van Kerkplein nie verder geweld aangedoen moet word nie. Dit val saam met vertoë vir die verskuiwing van die Krugerstandbeeld na die sentrum van Kerkplein, waarin die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Genootskap veral die Krugergenootskap heelhartig gesteun het. Dit alles is met sukses bekroon. Kerkplein is nie verander nie en die Krugerbeeld staan in die middel daarvan. Hier dien egter daarop gewys te word dat die Genootskap Oud-Pretoria nie in beginsel teen die Holfordplan gekant is nie. Veral word verwelkom die idee van 'n rustiger kerkplein met verwydering van die verkeer soveel moontlik, veral die busverkeer.

'n Aanverwante saak wat later — in 1954 — op die voorgrond gekom het, staan in verband met die nuwe gebou van die Provinsiale Administrasie van Transvaal wat tans opgerig word. Die Genootskap het onmiddellik, by wyse van 'n openbare vergadering en vertoë tot die Administrateur, beswaar gemaak teen die oorweldigende afmetings van die nuwe gebou, as iets wat die Ou Goewermentsgebou sou oorskadu en die karakter van Kerkplein geweld aandoen. Ook hierin is hy gesteun deur etlike ander liggame. Die protes het egter geen sukses gehad nie. Maar die protes staan nog; en die gebou staan nog nie.

Iets wat wel sukses gehad het en 'n aangenamer gevoel nagelaat het, is 'n versoek aan die Provinsiale Administrasie dat die Republikeinse gewelstuk aan die Ou Goewermentsgebou wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog, of kort daarna, deur die Britse wapen vervang is, weer aangebring moet word. Hierop was die antwoord ja, sonder meer. Die Britse wapen is versigtig uitgehaal en in die Transvaalse Museum weggebêre. Daarna is die ou Transvaalse wapen met byversierings presies nagemaak deur 'n kunstenaar en volgens die beste metodes van die hedendaagse tegniek in die gewel aangebring — en op paslike wyse deur die Provinsiale Administrasie onthul.

Vertoë tot die Spoorwegadministrasie om behoud van die bekende Zasm-geboue in Paul Krugerstraat, en voorstelle om daarin die spoorwegmuseum te huisves, het weer geen sukses gehad nie. Die geboue staan nog maar sal mettertyd plek maak vir 'n moderne gebou. Op 'n laaste versoek dat die nuwe gebou die naam van die Zasm-gebou moet dra, het nog geen antwoord gekom nie.

Ander ou geboue wat die Genootskap na aan die hart lê is die Staatsmodelskool en die Staatsgimnasium en in 'n mindere mate ook die Operagebou. Voorstelle is gedoen om die eers- en laasgenoemde van die geboue tot historiese monumente verklaar te kry. Dit lyk asof die poging sal slaag, veral wat die Staatsmodelskool betref.

In 1953 het dit onder die aandag van die bestuur gekom dat die perseel op die hoek van Skinner- en Paul Krugerstraat, met die geskiedkundige ou huisie daarop, te koop is. Daar is vasgestel dat die huis die oudste nog bestaande huis in Pretoria is en dat dit gebou is deur die Portugese handelaar Bras Perreira waarskynlik aan die einde van die jare sestig van die vorige eeu. Aangesien die huis verteenwoordigend van die tipe huis van ou Pretoria is, is besluit om dit vir die nageslag te red.

Hieruit is egter 'n groter idee gebore, n.l. die oprigting van 'n opelugmuseum waar verskillende dergelike huise opgerig kan word. Oor die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

geskiedenis van hierdie projek sal hier nie uitgewy word nie. Etlike vertoë is tot verskillende offisiële instansies gerig en verskeie openbare vergaderings is gehou. Die Stadsraad is die idee goedgesind en het 'n pragtige stuk grond in die Fonteine-vallei daarvoor beskikbaar gestel en daar word op die oomblik nog pogings aangewend om geldelike steun te kry en 'n behoorlike beherende liggaam saam te stel. As die projek slaag sal die Genootskap Oud-Pretoria vir homself 'n onsterflike monument opgerig het en die land iets van ontskatbare waarde besorg het.

Gedurende die Van Riebeeckfeeste het die Genootskap aangedring op twee plekname om die jaar te gedenk: die Marie van Riebeecklaan en die Van Riebeeck-reservaat . Die onthullingsplegtigheid van die naamplate is deur die Genootskap georganiseer.

Tydens die eeufees van Pretoria was die Genootskap Oud-Pretoria verteenwoordig op verskeie komitees en was besonder bedrywig. Verskillende voorstelle in verband met die feesvierings is aangeneem. So is die murasie van Lucas Bronkhorst se huis in die Fonteinedal — die eerste huis wat in die omgewing van die Latere Pretoria gebou is, gemerk en omhein en van 'n paslike naamplaat voorsien. Etlike jare vantevore het die Genootskap alreeds die murasie en die oorblyfsels van die tuin opgespoor. 'n Spesiale onthaal aan alle ou inwoners van Pretoria is deur die Stadsraad aangebied. In samewerking met die A.N.V. is 'n rondrit per bus deur Pretoria georganiseer waartydens die belangrikste historiese besienswaardighede besigtig is. 'n Pragtige skild as wisseltrofee vir die mooiste laerskooltuin is hierdie jaar ingestel. Die doel van hierdie kompetisie is om by die kinders 'n liefde vir inheemse plantegroei aan te kweek. Dit word elke jaar 'n meer gesogte trofee onder die skole. Ook is 'n praguitgawe van die kwartaalblad „Pretoriana" uitgegee wat seker 'n belangrike plek onder die publikasies van hierdie jaar inneem. In hierdie jaar het die Genootskap Oud-Pretoria ook sy wapen in gebruik geneem. Dit is in hoofsaak 'n ontwerp van die voorsitter, dr. Punt, waarin die verlede van die stad sowel as die bande met die stamland Nederland treffend tot uiting kom.

Oor „Pretoriana" dien iets meer gesê te word aangesien dit die eintlike mondstuk van die Genootskap Oud-Pretoria en miskien die mooiste prestasie van die tien jaar is. Die geestelike vader is dr. J. Ploeger wat in 1951 met die voorstel tot die oprigting daarvan voor die dag gekom het. Hy self was die eerste redakteur tot September 1952 toe dr. T. S. van Rooyen van hom oorgeneem het om weer in 1956 deur mnr. H. M. Rex vervang te word. Oor die jare het „Pretoriana" ontwikkel tot 'n blad waarop elke Pretorianer trots behoort te wees. Geen ander stad in Suid-Afrika beskik oor 'n blad van dié aard nie.

Dit dan is die belangrikste prestasies oor tien jaar. Die Genootskap Oud-Pretoria gaan voort op sy weg, en hoop alleen om al gaande meer steun en meer belangstelling van die publiek van Pretoria te kry.

— F. J. DU T. SPIES.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

*'N BELANGRIKE HISTORIESE GEBOU:*

# DIE Z.A.S.M.-HUIS

DIT het al kenmerkend van hierdie eeu geword, en veral van die afgelope twee dekades, dat ou geboue en huise steeds afgebreek word om plek te maak vir groot moderne geboue wat ongekende hoogtes die lug inskiet. Dit is maar 'n teken van vooruitgang. Ongelukkig egter word daar op die wyse soms ongemerk, sonder dat enigeen daaroor nadink, ou bande met die verlede afgesny. Die meeste van die geboutjies wat afgebreek word het 'n dik stuk geskiedenis deurgemaak en sou, indien moontlik, boekdele vol kon praat van wat hulle alles gesien het deur die jare heen.

Een van die interessantste geboue uit die dae van die ou Transvaalse Republiek, die Z.A.S.M.-huis, wat seker al deur baie duisende Suid-Afrikaners en buitelanders gesien is, op pad van die Pretoriastasie na die middestad, sal ook binnekort moet plek maak vir 'n ander, groter en miskien mooier gebou, naamlik die nuwe hoofkantoorgebou van die Departement van Naturellesake.

Hoe interessant hierdie ou gebou werklik is, het ons onlangs eers besef toe ons besoek gehad het van mnr. L. R. Middelberg, een van die oorspronklike bewoners daarvan. Toe het ons ons vir 'n paar aangename ure weer terug bevind in die ou dae, die romantiese Republikeinse jare, en sommer meer respek gekry vir dié huis, waar die Staatspresident, S. J. P. Kruger, heelwat op besoek gekom het.

In 1888 het die ou Nederlandsch Zuid-Afrikaanse Spoorweg Maatskappy onder leiding van 'n Direkteur, Ingenieur G. A. A. Middelberg, vader van mnr. L. R. Middelberg, begin om 'n spoorlyn te lê vanaf die grens van Portugees-Oos Afrika na Pretoria, wat toe op 1 Januarie 1895 in gebruik geneem is. Intussen is begin om in Pretoria 'n ampshuis, waarin ook kantore sou wees, te bou vir die Direkteur. Hierdie huis, die Z.A.S.M.-huis is in begin 1894 voltooi en die kantoor is op 1 Februarie van dié jaar gevestig, terwyl mnr. Middelberg sy gesin uit Nederland laat kom het, wie hulle toe in Junie in die huis gevestig het. Mnr. en mev. Middelberg en drie van hulle kinders, waarvan mnr. L. R. Middelberg, wat ons besoek het, die jongste was, het toe hulle intrek in die huis geneem, en, soos mnr. Middelberg ons vertel het, het dit een van die gselligste woonhuise van Pretoria geword. Daar was altyd 'n deurloop van gaste in die huis en veral het mense wat van Nederland af gekom het, gewoonlik eers vir 'n rukkie daar gewoon.

Soos hy deur die kamers van die huis gewandel het, het mnr. Middelberg die ou herinneringe teruggeroep van gebeurtenisse wat hy daar meegemaak het, en kon hy talle van interessante staaltjies vertel. Op een geleentheid, het hy ook vertel, sou die Z.A.S.M. 'n mooi salonrytuig aan



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

president Kruger aanbied. 'n Spesiale funksie is toe gereël vir die oorhandiging van die rytuig, wat vandag nog by die Krugermuseum in Pretoria te sien is. Op die dag voor die oorhandiging toe die ou mnr. Middelberg, die Direkteur, sy middagslapie geniet, klop daar iemand by die voordeur aan, en toe stap niemand minder dan die President self, onaangemeld, die huis binne. Hy sê toe dat hy nie meer sy nuuskierigheid kon bedwing om die „ou waentjie" te sien nie, en net gou vooraf wou kom kyk hoe hy lyk.

Dit, het mnr. Middelberg vertel, was nie so 'n ongewone gebeurtenis nie. Die President was goed bevriend met sy vader, en het ook 'n baie hoë dunk van hom gehad, en, soos uit die argiefstukke van staatsekretaris Leyds geblyk het, wou hy hom later, as die oorlog nie tussenby getree het nie, aanstel as Staatsfinansier.

Mnr. Middelberg het nog goed onthou hoe die huis bewoon was en kon selfs dadelik sien waar die gebou in later jare effens verander is. Die noordelike voorkamer was byvoorbeeld die ontvangskamer terwyl die groot suidelike voorkamer die kantoor van die klerke was, en daarnaas die kantoor van sy vader. Bo het hulle almal hulle slaapkamers gehad. Van die stoep het hulle voorheen kon uitkyk op Meintjieskop, wat vandag onmoontlik is weens die baie hoë geboue tussenin. Oorkant hulle was net die huis van wyle Eddie Bourke, wat tot onlangs nog die landbouafdeling van ons Departement gehuisves het, en verder was daar in die omgewing nog maar min gebou.

In 1899 is die ouers van mnr. Middelberg terug na Nederland, waar mnr. Middelberg toe 'n kommissaris van die Maatskappy geword het. Die plan was toe dat hy later sou terugkom om in die diens van die Republiek te kom, wat hy baie graag wou, aangesien hy 'n baie hoë bewondering vir president Kruger gehad het.

Die jong mnr. Middelberg het toe agtergebly om sy skoolloopbaan by die Staatsgimnasium te voltooi. Hy het toe in die Z.A.S.M.-huis bly woon by die gesin van Jonkheer J. van Kretschmar van Veen, sy vader se opvolger. Hierna het hy in 1900 vir 'n tydlank as lid van die Hollander Korps deelgeneem aan die oorlog, waarna hy terug is na Nederland. Sy belangstelling en liefde vir die jong land het groot gebly en hy was later vir 15 jaar lank Voorsitter van die Nederland-Zuid-Afrika Vereniging. In 1949 was hy met die onthulling van die Voortrekker-monument dan ook een van die vier rapportryers wat uit Nederland gekom het. Met sy aftrede uit die Koloniale diens het mnr. Middelberg toe in 1951 na Suid-Afrika ge-emigreer om hom in Pretoria te vestig.

Na die Driejarige Oorlog is die Spoorwegmaatskappy uit die gebou uitgesit, en is dit betrek deur die leër, wat vir baie jare daar gevestig was.

*Die historiese Z.A.S.M.-Huis op die hoek van Paul Kruger- en Jacob Maréstraat, wat so pas gesloop is.*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

So het die groot suidelike voorkamer later ook die kantoor van generaal De la Rey geword en is dit inderdaad hiervandaan dat hy en generaal Christiaan Beyers op 15 September 1914 met die motor vertrek het na Potchefstroom en Lichtenburg waarin generaal De la Rey die aand in Langlaagte teen sewe-uur deur 'n koeël getref en gedood is.

Nie lank hierna nie het die Departement van Naturellesake uit die Uniegebou uitgetrek en in die Z.A.S.M.-huis ingetrek, en was vir baie jare lank die hele hoofkantoorpersoneel van die Departmnent hier gehuisves. Die groot noordelike voorkamer wat vroeër die ontvangskamer van die familie Middelberg was, het die kantoor van die Sekretaris van Naturellesake geword, en het onder andere dr. Smit, dr. Mears en die huidige Sekretaris, dr. Eiselen tot in 1952, hier hulle kantoor gehad. Die kantoor van mnr. Middelberg het die kantoor va ndie Onder-Sekretaris geword en manne soos mnr. J. S. Allison en later Howard Rogers het hier gewerk. Die suidelike voorkamer, waar generaal de la Rey ook sy kantoor gehad het, het die kantoor van die Minister geword, alhoewel hy nog sy kantoor in die Unie-gebou behou het, en minister Piet Grobler het heelwat gebruik hiervan gemaak.

Met die stigting van die inligtingsafdeling het dié die gebou gebruik, maar ook daarvoor het die gebou al te klein geword en vandag is net die fotograwe, en dan ook die Naturellevertalers en tikkers nog daarin. Vandag kan mens jou moeilik voorstel dat wat nou die kamer is van een fotograaf, voorheen die hele Personeelafdeling gehuisves het, en dat die hele lande-afdeling gesit het waar nou 'n paar tikkers werk. Hierdie gebou, wat binnekort moet afgebreek word, het inderdaad 'n lang en belangrike geskiedenis agter hom, en dit is nodig dat 'n mens vir 'n oomblik daaroor nadink, voordat hy nie meer daar sal wees nie.

— H. O. MÖNNIG.

(*Met erkenning aan „Bantoe", Januarie* 1958).

Johannesburg, 18 Januarie 1958.

Die Redakteur,
BANTOE,
Posbus 384,
Pretoria.

Waarde Heer,

Ek het die artikel in u Januarie 1958 uitgawe oor die Z.A.S.M.-huis baie interessant gevind veral daar ek oor die tydperk 1929 tot 1952, verskillende kamers in die gebou, insluitende party waarvan u melding maak, gebruik het. Vergun my dus die voorreg om die voorlaaste paragraaf aan te vul.

Volgens 'n omsendbrief, uitgereik deur die Sekretaris van Naturellesake, op 14 Augustus 1919, het die Departmnent van Naturellesake blykbaar in daardie maand die Z.A.S.M.-huis betrek. Aangesien generaal Botha op



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

7 Augustus 1919 oorlede is, is dit byna seker dat hy nooit 'n kantoor daar gebruik het nie, howel hy tot sy dood Minister van Naturellesake was.

Totdat dr. Smit in die Department diens aanvaar het, was die groot noordelike voorkamer wat vroeër die ontvangskamer van die familie Middelberg was, gebruik as die Minister se kantoor en dit is dikwels gebruik agtereenvolgend deur generaal Smuts, generaal Hertzog, dr. Jansen en mnr. Grobler. Die suidelike voorkamer was die kantoor van die Sekretaris van Naturellesake en is gebruik deur mnr. E. Barrett en mnr. Frikkie Herbst. By laasgenoemde se aftrede het die Minister en die Sekretaris kamers geruil, maar mnr. Grobler het die suidelike kamer min gebruik. Hy het hom byna sonder uitsondering in die Sekretaris se kantoor tuisgemaak. Die suidelike voorkamer is dus gewoonlik deur ander beamptes in die stilligheid gebruik totdat die Barret-Young komitee aangestel is en sy intrek daar geneem het. Hierdie komitee wat bestaan het uit mnre. A. L. Barrett en J. M. Young, het 'n verslag uitgebring wat die grondslag gevorm het vir die verrykende wysigings in 1937 van die Naturelle (Stadsgebiede) Wet.

Na hierdie komitee was die Stadsgebiede Afdeling daar gehuisves en toe later die Ondersekretaris.

Met agting,
Die Uwe,
M. SMUTS.

(*Oorgeneem uit „Bantoe", Februarie* 1958.)

---

# MUSIEKAANDE BY DIE FAMILIE MIDDELBERG IN DIE Z.A.S.M.-HUIS, PRETORIA

In die „*Hertzog-Annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns,*" Tweede Jaargang-Eerste Aflewering, Julie 1953, vind ons die besonder lesenswaardige „*Briewe uit Transvaal van G. A. A. Middelberg* (1896-1899)," ingelei en toegelig deur dr. F. J. du T. Spies. In sy inleiding verduidelik dr. Spies hoedat dit die gewoonte was van mnr. Middelberg, die voormalige Direkteur van die N.Z.A.S.M., om elke Sondagoggend briewe aan sy familielede in Europa te skryf. In die briewe kom daar talryke verwysings voor na die bekende Z.A.S.M.-huis, op die hoek van Markt- (tans Paul Krugerstraat) en Jacob Maréstraat, waar die Middelberg-gesin in die loop van 1894 hulle intrek geneem het.

„Sy briewe," skrywe dr. Spies, „gee 'n intieme kyk in die familielewe



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

van die huis Middelberg; in die eerste plek van die huismoeder, meer sosiaal van geaardheid as haar eggenoot, in haar talryke daaglikse, huislike en ander pligte . . . Sy het van haar huis 'n musieksentrum gemaak, waar elke Saterdag aand die beste gehoor is wat Pretoria op dié gebied kon oplewer. Reisende musici het daar dikwels 'n heenkome gevind."

Aangesien die musiekaande aan die huis van die Middelbergs 'n besondere kenmerk was van die kulturele lewe in Pretoria teen die einde van die Republikeinse Bewind, word die verwysings daarna in die briewe hier in 'n artikel byeen versamel, waardeur ons 'n beter geheelbeeld van die destydse musiekbedrywigheid in die Z.A.S.M.-huis kan vorm.

**Zondag 3 Mei 1896.** We hebben dan Donderdags onzen regelmatigen muziekavond. Tegen het souper om zeven uur komen een groot getal mooi aangekleede dames de intiemeren bij ons aanzitten. Na het souper komen nog meer mooi aangekleede dames met mannen en er komen ook mannen alleen. Twee muziekmeesters, een voor leiding en een voor accompagnement en ook eens te spelen. Alle kamers verlicht. De Heeren in mijn kamer wereldverbeteringen te maken, en de dames zingen en oefenen kwartetten, Ma vooraan en Annewim (Anna Wilhelmina Middelberg, die enigste dogter in die familie) met groote ijver en helder luid klinkende stem.

**Zondag 25 Juli 1897.** Groote plannen worden gesmeed. We zullen een opendeur-avond Zaterdags beginnen waarvoor regelmatig een viool-piano artist aangenomen is. Dat, met de Zondagsche lunch, zal onze bijdrage zijn tot gezellig verkeer. Diner's worden afgeslagen en niet gegeven. De evolutie in de Engelsch sprekende wereld is gelukkig diner-afkeerig en wij volgen maar al te gaarne. Buitendien is onze omgang bijna uitsluitend met menschen voor wie dinner's maar lastig zijn. Onze positie is nu zoo geconsolideerd dat we niet meer toenadering tot officieele vreemde kringen of grootheden behoeven te koesteren.

**Zondag 15 Augustus 1897.** Gisteren de eerste muziekavond bij ons. Nog maar een paar genodigden en Ma afwezig, die zich wat zwak gevoelde. Daar kwam in onze, met 112 kaarssterkten electrisch verlichte kamer de violoncel ingedragen en twee violen. En 't begon. Aanwezig de violist-pianist ten Brink (musiekonderwyser te Pretoria), artist, Dr. Breyer (Dr. H. G. Breyer, onderwyser aan die Staats-gimnasuim en sedert Februarie 1897 Waarnemende Direkteur van die Mynskool), cellist en de Heer Fockens (W. J. Fockens was Sekretaris van die Volksraad) met vrouw. Daarbij de zoo nu en dan „o!" gillende Nine (Doyer, onderwyseres aan die Staatsmeisieskool), Annewim en ik. Een trio, Sonate van Beethoven, werd allerslechtst gespeeld, een jammer voor menschenzielen. Maar toen werd het beter en we geraakten opgewekt. Toen de dames al weg waren, gingen de heeren nog naar mijn kamer om een orgelstuk te hooren door ten Brink gespeeld. Om elf was het huis donker. 't Kan wat worden. 't is mooi in mooie kamers mooie muziek te hooren — maar de geest dient er



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

bij te zijn. Ma wil stumperds laten bijdragen tot het genot, en we weten wat dit is, en ik wil alleen artisten, al is het er maar één, hooren. Hier zal weer te transigeeren (gee en neem) zijn.

**Zondag 19 September 1897.** Nog klinkt de muziek van gisteren avond in onze ooren, piano en orgel, want er kwam geen begeleider van de viool opdagen. Ik was wel wat moede en verdroogd door een dag vol zon en stof in Johannesburg . . . Ik was dan stoffig te huis gekomen en vond de brieven uit Europa, las de bekende schriftfiguren en nam de beelden in me op toen de muziek begon en aandachtig werd aangehoord door de scherp verlichte toehoorders. Ja dat is wel het eenige wichtige, vertelbare feit van de week, anders gingen de dagen en kwamen de avonden en werden we gewekt door heldere zonnestralen vroeg in den ochtend.

**Zondag 26 September 1897.** Daar heeft dan zooeven het middeneeuwsche kerkkoraal door het huis geklonken dat de slapenden wakker gemaakt heeft. 't Was gisteren avond een mooie salon bij ons. Nieuwe sympathieke gezichten, Mevr. Nieuwenhuys voor het eers na haar ziekte. Dr. Leyds speelde mooi als een volleerd artist de vioolpartij in een Mendelsohns trio. We hadden een mystiek noorse sonate van Grieg op viool en piano en een Benedictus van McKenzie evenzoo. 't Was een mooi geheel en om elf sliepen we kalm in. Wat een herinnering vol licht en kleuren en toonen voor later dagen wanneer dit alles voorbij gegaan zal zijn, om plaats te maken voor nieuwe beelden en nieuwe vormen met nieuwe menschen, of zonder menschen in nieuwe omgevingen.

**Zondag 3 October 1897.** Gisteren avond was de muziek uitvoering bijzonder mooi nu het strijkkwartet compleet was en twee beroepskunstenaars telde. 't Waren volle kamers, warm maar erg mooi.

**Zondag 10 October 1897.** De muziekavond was kalm, met sympatieke gezichten om ons heen.

**Zondag 24 October 1897.** Gisteren avond op de muziekavond die ten gevolge van het programma buitengewoon bezocht was en twee volle groote kamers vulde, speelde een kwartet, met den Staatssecretaris (Dr. W. J. Leyds) als medewerker. Menschen waren gekomen met partituren en er deed zich hooren een klein joden jongetje, een licht, de Groot genaamd. Er waren Hollanders en Engelschen, de maecenen. De jongens waren schenkers. Maar wat ik zeggen wilde, zoo tusschendoor kreeg ik eene ontboezeming van die teere bleeke directrice van de hoogere meisjesschool, juffrouw Adriani, die met haar zwak lichaam een taak vervuld onophoudelijk, vooral door het groote internaat aan de inrichting verbonden, en die met een heilig vuur bezield, jubelend door het leven en haar plicht wandelt en deze Gods-aarde heerlijk vindt en dankbaar is voor elke zonnestraal en elke bloem en voor haar heerlijk werk. 't Is een lust.

**Zondag 31 October 1897.** 't Was gisteren middag en avond noodweer.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Hevige onweersbuien en zware regen: toch kwamen er voor de muziek zoveel menschen opzetten dat de kamers gevuld waren en daaronder Dolly, eigenlijk Henriette Jorissen (dogter van dr. S. J. P. Jorissen, kort hierna verloof en later getroud met Martien Middelberg, oudste seun uit die familie), die met lieve blikken de leden der familie aanzag en eindelijk in een wagentje verdween.

**Zondag 12 December 1897.** Dinsdag concert, de Atalia van Mendelsohn. Annewim had de sopraan solo. Een vol theater, alle menschen in rok en mooiste baatje, wij in een prosceniumloge, een echt huiselijk feest in de goede beteekenis. Het kind zong goed, had zeker de beste school van de drie solisten en 'n geheel was mooi en werkelijk edel genot gevend. Den volgenden avond dan een huwelijksfeestje voor onze logé's van Goor. (Kees van Goor was 'n amptenaar van die N.Z.A.S.M. op Waterval-Boven. Sy vrou het uit Nederland gekom.) Daar kwamen tal van Zasm met hul egades en we gaven tableaux vivants, zelf bedacht en Annewim zong met van Loenen Martinet (Amptenaar van die N.Z.A.S.M.), dat bekende duet, die twee oudjes die zich hun trouwen in de herinnering terug roepen. Het duurde tot een uur . . .

**Zondag 23 Januari 1898.** En Zaterdag avond lost zich alles op in Beethoven op viool en piano, dat dan wel wat vermoeid wordt aangehoord waarbij echter de goede Moeder onvermoeid de hoofdplicht vervult van beleefde, vriendelijke gastvrouw te zijn.

**Zondag 20 Februari 1898.** De muziekavond, als zijnde een instuif ('n minder formele geleentheid) ging door, Mevrou Nieuwenhuys ontvangende als matrone.

**Zondag 13 Maart 1898.** 't Was gisteren avond een uitgezochte muziekavond. Eerst tegen twaalf uur lagen we te rusten. Het regende dat het goot en zoo waren de kamers maar losjes vol en was er geen gebrek aan stoelen. Dr. Leyds speelde viool en twee beroepskunstenaars violencel en piano, en ze gaven een nieuw lang russisch toonwerk, wonderbaar mooi en daarna nog meer en meer. Ze hadden er lang voor gestudeerd en de eerste uitvoering was in onze zalen. 't Zal toch jammer zijn wanneer die tijden als een droom achter ons liggen.

**Zondag 3 April 1898.** 't Zijn roezige dagen en vrije tijd hebben we niet. Nog slapen de menschen na de schitterende avond gisteren. De Volksstem had medegedeeld dat de vrienden van Mevr. de Waal (eggenote van die Nederlandse konsul in Kaapstad, wat by die Middelbergs in Pretoria op besoek was), verwacht werden op de gewone Zaterdagavond receptie bij de familie Middelberg. En daar stroomde het. Zestig menschen verdrongen zich in de zalen waar het groote Trio van den Rus door dr. Leyds, Reepmaker en ten Brink gespeeld werd. Mevrouw de Waal als koningin . . . glimlachte tegen al die prachtig aangedane menschheid.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

**Zondag 8 Mei 1898.** 't Was een weinig bezochte avond gisteren. Dr. Leyds was er voor het laatst en speelde veel en mooi.

**Zondag 15 Mei 1898.** 't Gewone Zondagochtendbeeld . . . de overige huisgenoten slapen en ontwaken zoo de een na den ander, vooral wanneer de muziekavond wat langer geduurd heeft. Ik heb een klein uurtje gelezen en een koraal gespeeld, waarna er in de bovenkamers beweging komt . . En wat gebeurde er meer? 't Gewone uitgaan. Annewim naar jongelui's gil-avondjes, naar muziekuitvoeringtjes van een werkliedenvereeniging, naar muzieklessen, naar gymnastiek- en sport-oefeningen.

**Pinkster 1898.** We hadden gister avond in klein gezelschap goede muziek, besloten door goed orgelspel in mijn kamer. En de week bracht het vertrek van Leyds, na voorafgegane afscheids diners met veel geredevoer. Na veertien jaar gaat die man naar Europa terug zonder dat hij en zijn huis heeft wortel geschoten in dezen grond, en moede vertrekt hij met een verzwakt lichaam na de geweldige inspanning van zoveel werk.

**5 Juni 1898.** Zal Zuid-Afrika Hollandsch zijn, ten deele, en Hollandsch blijven, dan moeten Hollandsche menschen er Hollandsche beschaving brengen, *beschaving en verfijning in alle vormen, van liederen tot prenten,* en het belang moet medebrengen de taal te kunnen verstaan.

**Zondag 3 Juli 1898.** Nog klinken in de ooren de wonderbare toonen van een trio van Niels Gade (1817-1890, Deense komponis en dirigent), dat onze talrijke gasten gisterenavond in verrukking bracht. Om even vóór half elf liepen een paar even naar den trein om vriend van Boeschoten naar Europa te zien vertrekken . . . Acht-en-dertig jaar was de man in de Transvaal. Hij kwam arm met zijn ouders, werd schoolmeester en werkte en klom . . .

**Zondag 10 Juli 1988.** Gisteren avond liet zich voor het eerst bij ons hooren juffrouw van Griethuyzen (suster van Van Griethuyzen, vennoot in die firma Tilanus en Griethuyzen, 'n kruidenierswinkel op die suid-oostelike hoek van Markt- (Paul Kruger-) en Skinnerstraat, later getroud met Tilanus), een grondig gevormd zangeres. Maar we hadden meer muziek deze week. Een Duitsche pianist Friedenthal (rondreisende Duitse pianist) kwam op zijn rondreis in Pretoria en speelde. Hij had een introductie aan ons en hij at ook bij ons. De man kwam binnen op de visite die hij maakte en „begrüsste das kunstliebende und musikfreundliche Haus Middelberg," wat nu eenmaal „overal" bekend was.

Als ik . . . 's avond alleen zit, de kinderen feestvierend en de moeder werken der barmhartigheid doende, dan zit ik met mijn slaaprok aan, heel alleen, en de schilderachtige verjaarmuts op, en ik lees de heerlijke verzen van Racine en speel er een melodie op het orgeltje tusschendoor.

**Zondag 21 Augustus 1898.** Dan was een paar dagen bij ons de pianist Friedenthal en we hadden met hem een muzikale avond met de uitgezochte regelmatige bezoekers. Even als in Europa fluisterde men scherp afkeurende kritiek, natuurlijk sterk gesteund door de lokale musici en muziek-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

grootheden. Zoo verdween dan voor goed uit onze Pretoria-sfeer die onverwachte verschijning: een echt duitsch virtuoos, met een zware haardos, bleek gezicht en veel muziek gesimpel (gepraat oor musiek).

**Zondag 18 September 1898.** We beginnen anders onze zelf opgelegde gezelschapsplichten meer dan moede te worden en hebben de dagen reeds vastgesteld dat we onze Zaterdag avonden eindigen, namelijk eind van October. 't Word Ma te veel, dat glimlachen en lief zijn en de Zondag lijdt er te veel onder. Dan de Woensdagsche diners en de overige avonden dat er altijd wat is. 't Is meer nog het niet tot rust komen; en toch: is het leven der besten en welvarendsten niet altijd zoo?

Daar komt ene Engelsche pianiste met aanbeveling uit Johannesburg om het terrein hier te verkennen. Daar zat de goede jonge vrouw en de goede moeder begint te organiseeren. Gisteren avond was dan het debuut in ons huis, na vele voorbereidingen en samenspelen met den violist. De keur der Engelsche en Afrikaander muziekvrienden was genoodigd, van den dekaan van de bisschoppelijke kerk en den presbiteriaansche predikant, tot een gewoon krantenmensch. Daar komt werkelijk gisteren de eerste regen na de maandenlange winterdroogte en tot overmaat van ramp gaat de electriesche straatverlichting uit en is het pik donker. Onze twee groote kamers zijn daardoor maar zoo bezet dat de menschen met de elbogen zich niet behoeven te stooten. Zenuwachtig maar erg mooi speelde de half aan gekleede maar met vele kanten behangen Engelsche strijderes voor haar toekomst. Ze slaap nu nog rustig boven.

**Zondag 9 October 1898.** We zijn midden in de feestvreugde. 't Is reeds negen uur en nog is alles stil in huis. 't Was dan ook één uur, zegge één uur van nacht voor er rust kwam in het huis dat, van voren met lampions verlicht een schitterend lawaaig gezelschap herbergde. Dames en nufjes (aanstellerige jongdames) in schitterende kleuren — hoog en warm geel is de modekleur en die naakt door haar schittering blauwe brillen en boorwater bijna noodig — en de heeren in zwarte rokken. 't Waren op weinig uitzondering na jonge menschen, veel spoorbevolking, zalen vol. Martien had zich een muziekavond gewenscht en dat was die avond nu. Een kunstenaar violist, onze ten Brink, en eene kunstenares, de aantrekkelijke mej. Heath, een nieuwe beschermelinge, bijgestaan door de dames Uggla en van Griethuizen met Annawim. (Mej. Heath was uit Johannesburg afkomstig en mev. Uggla was die vrou van 'n amptenaar van die N.Z.A.S.M. in Pretoria) . . . En na die vele zang en die vele muziek en die voorstellingen en dat licht en die kleur zongen we het Wilhelmus, en na de wijn danste men een Patertje en een wals en ging eindelijk naar huis.

**Zondag 16 October 1898.** We kregen nog geen rust want een diner en een concert volgde nog deze week, met de voorafgaande huisvesting van een kunstenares en over een paar dagen is weer een kunstenares aangekondigd, dus weer een concertgang. Maar dan gaan we denken aan eindexamens en inpakken en afscheid.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

**Zondag 23 October 1898.** We hadden gisteren avond de voorlaatste muziek uitvoering, met veel menschen en een jammergevoel van velen dat het ten einde loopt. Toch heeft voor ons de zaak een gewenscht einde. Meestal kost het ons veel zondagsfrischheid, die woelige soirée en laat naar bed gaan, en dan de voldaanheid die zoo spoedig over ons komt, over ons zwervers, die maar leven in voortdurende afwisseling en daardoor verwend worden.

We hadden dan deze week één dag aan huis eene zangeres, Fraser, die een concert gaf, dat alleen door Nine (Doyer) en mij bezocht was . . .

**Zondag 30 October 1898.** 't Was dan gisteren avond de laaste musiek-avond en mooi was het einde. Die liefste gasten waren er om de laatste herinnering vol te doen zijn. Geen van allen was verzadigd en elkeen had spijt dat die mooi verlichte kamers Zaturdags niet meer open zouden staan voor prettig verkeer en goede muziek. Dit is dan het begin van het einde.

**Zondag 18 December 1898.** Gisterenavond werden eindelijk de deuren van ons huis weer wijd geopend. Ditmaal was het een grote verrassing voor ons. We werden buiten alles gelaten. 't Zou, zooals Annewim zeide, eene bewierooking van het ouderpaar zijn. In de salon werd om de piano eene verhevenheid getimmerd. De kaarsen brandden alle en 't moest gala zijn. De zalen werden gevuld met de mooiste „baadjes" van alle kleuren en met witte dassen. Daar werd dan het geheele te geven leprozenconcert gegeven, de Zigeuner liederen van Brahms als tweede, wichtigste deel, door een dubbelkwartet en als eerste deel solo's en duetten, met hooge eischen er aan gesteld. Aan het slot gaven wij aan al de gasten een afdruk der portretten van Pa en Ma, zooeven uit Holland ontvangen en zoo is dan die gebeurtenis als slot van ons muzikaal leven afgesloten en in dankbare herinnering bij velen.

**Zondag 25 December 1898.** Deze week die nu achter ons ligt hadden we dan het concert. De kranten jubelden en vele menschen vonden het erg mooi, en dat was het ook. De leprozen kregen twaalf honderd gulden als Kerstgeschenk, de opbrengst van de zang, waarbij de zangers met hun leider veel genot hadden en de betalers der toegangskaarten ook tevreden waren.

**Nieuwjaarsmorgen 1899.** Zoo zit ik dan voor 't laatst aan deze tafel. op deze plaats in Pretoria Zondagmorgen mijn brief te schrijven . . En zoo is dit jaar voorbij en mijn ambtsloopbaan hier in Afrika. 't Is alles afscheid om ons heen . . . Ik ben tien jaar ouder geworden sedert (Maart 1890) en Afrika-wijzer en ik zal menigmaal glimlachen over de eerste indrukken. Wat ze waard mogen zijn, ze waren frisch en nu na bijna tien jaren kan ik met Paulus zeggen: mijn geloof heb ik behouden, *het geloof aan dit stuk Hollandsch leven dat hier nog levensvatbaarheid heeft.*

— H. M. REX.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

*SIMPOSIUM:*

# 'N GESKIKTE TERREIN VIR DIE PRETORIASE KUNSMUSEUM

TYDENS 'n simposium wat verlede jaar deur die Genootskap Oud-Pretoria in die Culemborg-hotel gereël is, het raadslid J. J. de Jong, die afgetrede stadsargitek van Pretoria, en kort vantevore as stadsraadslid vir wyk 9 verkies, die vergadering oor bg. aktuele onderwerp toegespreek. Destyds was daar sterk teenkanting teen die voorstel om 'n gedeelte van Burgerspark vir die oprigting van die kunsmuseum te gebruik. Vandaar die byeenroeping van 'n vergadering om die lede van ons Genootskap en die algemene publiek die geleentheid te bied om hulle oor die dringende aangeleentheid uit te spreek en alternatiewe terreine aan die hand te doen.

Mnr. De Jong is 'n seun van 'n welbekende en vooraanstaande Pretoriase boukontrakteur, mnr. Jan Jacob de Jong, wat onder andere verantwoordelik was vir die oprigting van die Krugerbeeld op Stasieplein in 1925. Mnr. De Jong se ouers is uit Friesland afkomstig en hyself is in Amsterdam gebore. Met die oprigting van die Uniegebou was hy as tekenaar in diens van mnr. Meischke, wat verantwoordelik was vir die bou van die twee vleuels van die gebou.

Later het hy as argitek in diens getree van die Dept. van Openbare Werke, totdat hy gedurende die Eerste Wêreldoorlog oorgeplaas is na die Dept. van Verdediging met standplaas in Kaapstad en Pretoria. Vervolgens het hy toegetree tot 'n private argiteksfirma in Johannesburg; toe is hy weer terug na die Dept. van Openbare Werke en daar was hy werksaam todat hy in 1931 as Klerk van Werke in diens getree het by die Stadsraad van Pretoria. In hierdie hoedanigheid het hy, onder andere, toesig gehou oor die oprigting van die Nuwe Stadsaal. As argitek in diens van die Stadsraad was hy verantwoordelik vir die beplanning en uitleg van Atteridgeville sowel as vir die blanke behuisingskema in Danville. In 1945 is hy aangestel as stadsargitek en dié betrekking het hy met onderskeiding beklee totdat hy in 1955 die ouderdomsgrens bereik het.

Die Genootskap Oud-Pretoria was in 1957, en nou weer in 1958, verheug dat 'n besondere bekwame persoon soos mnr. J. J. de Jong, met sy jarelange en wye ondervinding op die gebied van stadsbeplanning en argitektuur, tot die Stadsraad van Pretoria verkies is. Ons wens hom alles van die beste toe en vertrou dat hy mettertyd nog baie waardevolle dienste — net soos in die verlede — aan ons stad sal lewer. Ons stel sy aktiewe belangstelling in die werksaamhede van ons Genootskap besonder hoog op prys. (Red.)



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

„Dit is vir my as die jongste Raadslid — nie in jare nie! — nie alleen 'n eer nie, maar ook 'n voorreg om 'n paar woorde tot u te spreek.

„Ek sê ‚die jongste Raadslid' opsetlik. Laat ek u verseker dat ek in werklikheid nog baie jonk in gedagtes en benadering is wat die stad se probleme betref, maar weens die bereiking van die ouderdomsgrens is ek deur die Raad in kennis gestel dat my dienste as stadsargitek nou tot 'n einde geloop het. Ek is bly om die geleentheid om u vanaand toe te spreek te baat te neem.

„U weet almal wat die ou spreekwoord sê: ‚Deur ondervinding word mens wys.' Nou wil ek mettertyd daardie ondervinding in die belang van ons pragtige stad aanwend en daardeur die belange van ons almal bevorder.

„Ons moet daarna strewe om trotse deelgenote van ons stad te word, 'n hoedanigheid wat by alle inwoners van oorsese lande opmerklik is.

„Ek wou vanaand eintlik oor stadsbeplanningsprobleme gepraat het, maar toe ek vandeesweek die uitnodiging van u Ere-sekretaris in hande kry merk ek van u agenda op dat besprekings hoofsaaklik oor die voorgestelde kunsmuseum sal gaan. Ek sal my dus grotendeels ook by daardie onderwerp bepaal.

„Ek wil — om mee te begin — besonder nadruk lê op die feit dat ons alreeds 'n hele paar jaar lank besig is om 'n geskikte terrein vir die voorgestelde kunsmuseum te soek. Soos u miskien afgelei het uit die verskillende artikels wat van my hand in die Afrikaanse en Engelse koerante verskyn het, moet ons versigtig wees — beskou uit die oogpunt van stadsbeplanning — met die keuse van die geskikste en doelmatigste terrein vir die oprigting van 'n kunsmuseum.

„U sal onthou dat daar 'n voorstel was om die kunsmusenm in Burgerspark op te rig. Daar is egter talryke grondige redes waarom dit nie kan gebeur nie. Burgerspark is 'n ou historiese park en om nou in daardie park geboue op te rig sou — van 'n stadsbeplanningsoogpunt beskou — nie alleen daardie lieflike park skend nie, maar sou ook ander ernstige probleme met sig meebring.

„Daar was ook 'n voorstel dat 'n terrein moontlik in die omgewing van Strubenstraat beskikbaar gestel kon word. Laat ek u die versekering gee dat die Raad, in die eerste plek, geen grond in daardie omgewing vir die oprigting van 'n kunsmuseum beskikbaar het nie en, in die tweede plek, is dit finansieel beslis onmoontlik om daar grond aan te koop. Op hierdie stadium het die Raad geen geld beskikbaar nie en buitendien kan die Raad die aankoop van grond in die omgewing van Strubenstraat nie bekostig nie. Die waarde van 'n geskikte terrein sou duisende en nogmaals duisende ponde beloop. Die vertraging wat met die aankoop van die duur terrein gepaard sal gaan, sal tot gevolg hê dat die oprigting van die kunsmuseum dan mettertyd nooit 'n werklikheid sal word nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

„Die Stadsraad het egter nou 'n eenparige besluit geneem dat die voorgestelde kunsmuseum in Arcadiapark opgerig moet word.

„Die oprigting van die kunsmuseum in Arcadiapark bied, onder andere, die volgende moontlikhede:

„'n Pragtige watertuin kan in die omgewing van die kunsmuseum aangelê word en wat die naderingsweë betref bied dit 'n besondere geleentheid om gebruik te word vir die aanbring van beeldhou- en ander kunswerke deur ons eie S.A. kunstenaars ontwerp en vervaardig. U sal saamstem dat indien sulke beeldhouwerke daar tot stand kan kom, dit baie daartoe sal bydra om die gebou en sy omgewing aantreklik te maak.

„Ek wil dan ook by hierdie geleentheid die hoop en vertroue uitspreek dat die gebou in elke opsig 'n pronkstuk en 'n juweel sal wees. Veral wil ek die aandag van die argitekte wat alreeds aangestel en belas is met die ontwerp van die kunsmuseum vestig op wat ek vanaand hier sê. Ek wil veral klem daar op lê dat hulle 'n besondere studie moet maak van hierdie gebou ten opsigte van die park as geheel en die moontlikhede wat daar bestaan vir verdere toekomstige ontwikkeling.

„In verband met die oprigting van die kunsmuseum in Arcadiapark moet ook die ligging van die park in gedagte gehou word. Dit is met die oog op vervoer uit verskillende rigtings maklik bereikbaar en in hierdie verband wil ek veral nadruk lê op die feit dat dit vir die leerlinge en studente van skole, kolleges en die universiteit baie gerieflik geleë is, aangesien Arcadiapark maklik en veilig per bus of enige ander voertuig bereik kan word. Buitendien sal daar geen parkeerprobleme wees nie aangesien die park aan vier strate front waarvaan drie uiters geskik is vir parkeringsdoeleindes. As die verkeer in die omgewing van Arcadiapark vergelyk word met dié van die strate in die middestad sal die gunstige ligging van die voorgestelde terrein vir die kunsmuseum onmiddellik in die oog spring.

„Ten slotte moet ook in gedagte gehou word dat die geldelike hulp wat die Unieregering aan die Raad toegesê het, nie vir 'n onbepaalde tyd van krag sal bly nie. Ons moet dus so gou as moontlik met die oprigting van hierdie gebou 'n aanvang maak. Hoe meer vertraging en gesloer plaasvind omdat 'n finale besluit oor die terrein agterweë bly, hoe onwaarskynliker word dit dat die kunsmuseum binne afsienbare tyd ooit opgerig

<--

*A view of Arcadia Park, bounded by Park, Wessels, Schoeman and Johann Streets, which has been proposed as a site for Pretoria's projected Art Gallery as an alternative to Burgers Park. The proposed site for the Pretoria Art Gallery is on the north-western corner of the park near the intersection of Schoeman and Wessels Streets. The building will face Park Street. Muckleneuk and the Voortrekker Monument in the background; Schoeman Street in the foreground.*

Photo: The Pretoria News.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

sal word. Met verdere vertraging bestaan daar 'n wesenlike en besliste gevaar dat die toegesegde geldelike steun weer onttrek sal word.

Laat die stadsowerheid dan dadelik 'n begin maak met die oprigting van hierdie uiters belangrike en noodsaaklike gebou en alles wat daarby hoort.



*Raadslid J. J. de Jong, die afgetrede Stadsargitek van Pretoria, is een van die Genootskap Oud-Pretoria se aktiewe en gewaardeerde lede.*

Foto: The Pretoria News.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

„Die oprigting en totstandkoming van 'n kunsmuseum sal van onskatbare waarde vir ons opgroeiende jeug wees. Dit sal nie alleen 'n sieraad vir die stad Pretoria wees nie, maar ook uit 'n kulturele oogpunt vir elke inwoner van ons stad van die grootste belang wees. Pretoria kan trots daarop wees dat die oprigting van 'n kunsmuseum nou uiteindelik 'n werklikheid gaan word. Menige ander stad of dorp in die Unie sou gewens het dat hulle ook in dieselfde bevoorregte posisie as Pretoria verkeer het.

„Ten opsigte van een of ander terrein sal daar tog maar altyd verskil van mening of opposisie wees, maar na ernstige oorweging van al die besprekingspunte wat daar geopper is, het die Raad eenparig besluit dat Arcadiapark die geskikste terrein is vir die oprigting van die kunsmuseum."

— J. J. DE JONG.

* * *

## LIKELY SITE FOR ART GALLERY

The proposed site for the Pretoria Art Gallery in Arcadia Park is on the north-western corner of the park near the intersection of Schoeman Street and Wessels Street, according to the sketch plan the City Council will submit to the Provincial Administration. The General Purpose Committee yesterday approved the plan.

The building will face Park Street, and will be set back about 100 feet from Schoeman Street, and about 180 feet from Wessels Street. — *Pretoria News*, 13/3/58.

* * *

## SKETSPLAN VIR KUNSMUSEUM VOORGELÊ

PRETORIA. — Die sketsplan van die nuwe kunsmuseum wat in Arcadiapark opgerig gaan word, is verlede week aan die stadsraad se komitee vir algemene sake voorgelê en is aan die provinsiale sekretaris gestuur vir oorweging.

Volgens die plan sal die voorgenome gebou in die noordwestelike hoek van Arcadiapark, 100 tree van Schoemanstraat af en 200 tree van Wesselstraat af, opgerig word. Dit sal aan Parkstraat front.

Die Administrateur se goedkeuring is verlede jaar aangevra om die park as terrein vir die voorgestelde nuwe kunsmuseum te gebruik, verklaar die stadsklerk in sy verslag aan die komitee. Die provinsiale sekretaris het die stadsraad meegedeel dat die saak verder oorweeg sou word by die ontvang van 'n sketsplan ter aanduiding van die ligging van die geboue. *Die Transvaler*, 18/3/1958.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# UIT DIE BRIEWE VAN ARNOLD THEILER — III

**(Vervolg)**

*„Er zou door de daarstelling van een bacteriologisch instituut eene inrichting in het leven worde geroepen, welke de staat weldra tot groot nut zou blyken te zyn . . .” Dr. Arnold Theiler in 'n „Memorie van Toelichting” aan die Onder-Staatsekretaris Afd. B., dd. Les Marais, Wyk Pretoria, Sept.* 1897. (*S.S.* 4348, *R.*7447/94, *bl.* 118).

'n MENS is geneig om die jare 1897–1898, en ook die eerste helfte van 1899, uitsluitlik as jare van stygende politieke spanning te sien. Ons is te geneig om die jare in die lig (of die skaduwee) van die daaropvolgende oorlog te sien. Elke gebeure of onderhandeling wat in hierdie tyd plaasvind, is vir ons van belang omdat dit nog 'n stap nader aan die oorlog beteken. Tog moet nie uit die oog verloor word nie dat die inwoners van die ou Republikeinse hoofstad sake destyds anders gesien het. Daar was wel angs en oorlogsverwagtings, by die een meer as by die ander, al na gelang die persone nader of verder van die politieke arena gestaan het. Die meeste het egter genoeg gehad aan hulle daelikse taak en die moontlikheid van oorlog was maar iets vaags.

Theiler was een van die persone wat genoeg gehad het aan sy eie werk. Die was immers omvangryk genoeg vir twee normale mense. Hy het hom weinig aan die politiek gesteur. Slegs af en toe maak hy in sy briewe terloops daarvan melding. Maar in 'n groot mate moes die onsekere politieke toestand, wat ook sy eie posisie onseker gemaak het, 'n vlaag van swartgalligheid by hom laat ontstaan wat veral gedurende 1897 in sy briewe tot uiting kom. Hy maak weliswaar goeie vordering: sy bestryding van Runderpes en eksperimente teen perdesiekte geniet algemene erkenning; by die President en die Uitvoerende Raad staan hy hoog aangeskrewe; hy ontvang die betrekking van Artillerie-veearts in kombinasie

*Die nuwe laboratorium met bybehorende geboue en stalle wat by Daspoort in 1898 vir dr. Theiler en sy personeel opgerig is. Die geboue het op die suidelike oewer van Skinnerspruit gestaan, vlak bokant die samevloeiing daarvan met die Apiesrivier, begrens deur Von Wielligh- en Borderstraat. Dr. Theiler se nuwe huis op die hoek van Border- en Von Wiellighstraat (met die hoë bome daromheen) kan in die verte gesien word. Hierdie seldsame foto word nou hier vir die eerste keer gepubliseer.*

(Met erkenning aan dr. Gertrude Theiler.)



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

met die van Staatsveearts; hy kry pragtige nuwe laboratoria en bybehore naby Daspoort; hy laat vir hom 'n nuwe huis bou; sy familie groei aan en aan huislike geluk ontbreek daar niks—en tog voel hy nie veilig nie; telkens hunker hy na 'n sekerder en veiliger loopbaan in Switserland.

In Februarie 1897 is Theiler met nog 'n paar wetenskaplikes en 'n paar boere na 'n runderpeskongres op Kimberley. Hy word besonder vriendelik deur dr. Koch ontvang wat hom sy behandeling van Runderpes verduidelik. Dr. Koch se metode bestaan uit die inspuiting van die gal van 'n siek dier. Theiler erken dat hy nooit aan so 'n moontlikheid gedink het nie. „Ek dink nou aan die woorde van die digter: ‚Waarom in die verte kyk as die goeie so digby lê'?" Sy eie metode, of liewer die Pitchford-Theiler-metode, wat 'n serum-inspuiting is, lewer egter ook goeie resultate op en hy kry genoegsame erkenning. Na sy terugkeer in Pretoria het hy 'n aantal jong manne opgelei wat dan die behandeling verder onder die boere bekend gemaak het. Op die manier kom Runderpes gaandeweg onder die knie in die loop van 1897 en 1898. Dit het wel nog verder oor Suid-Afrika versprei, na die uithoeke van Natal en die Kaapkolonie, maar nou kon van 50 tot 60 persent van die diere gered word waar dit vroeër maar op 5 tot 10 persent neergekom het.



*Die vooraansig van dr. Theiler se woonhuis op die suidweestelike hoek van Border- en Von Wiellighstraat.*

Foto: Dr. F. J. du T. Spies.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

'n Derde runderpeskongres wat in Augustus daardie jaar in Pretoria gehou word moes vir hom persoonlike bevrediging gegee het. Hy en sy medewerkers kry 'n mosie van dank vir wat hulle vir Suid-Afrika gedoen het. Daar was afgevaardigdes vanuit die hele suidelike Afrika teenwoordig en vier tale is gebesig. Dit ontwikkel origens tot 'n lewendige woordestryd tussen die voorstanders van die Koch-en die Pitchford-Theiler-behandeling

Gedurende 1897 werk Theiler saam met twee Franse bakterioloë van die Pasteur-instituut wat in tydelike diens van die regering van die Republiek was, dr. Danysz en dr. Bordet. Hulle eksperimenteer veral op die gebied van perdesiekte. Aanvanklik is die samewerking goed en kry Theiler heelwat pluimpies van die here wat beweer dat hulle nie 'n veearts van sy formaat in Transvaal verwag het nie. Maar later in die jaar breek daar rusie uit tussen die twee Franse en dit het die samewerking oor die algemeen onaangenaam gemaak, sodat Theiler hulle sonder spyt vroeg in 1898 sien vertrek het.

Hulle navorsingstasie was aanvanklik op Waterval naby Pretoria geleë, waar die nodige proefdiere aangehou is. In Oktober 1897 word dit egter na Belfast verskuif, waarskynlik omdat in hierdie gebied perdeboerdery op taamlike groot skaal beoefen is. Vir Theiler was die verskuiwing onaangenaam, want dit sou beteken dat hy vir maande van sy gesin verwyder is en ook van die brandpunt van bedrywighede. "Dit is goed dat jou owerhede jou af en toe sien, anders kan hulle dink dat jy nie werk nie." Hyself vertrek baie halstarrig in November daarheen.

Die nuwe omgewing was egter nie sonder 'n sekere bekoring nie. Belfast is maar 'n klein plekkie, deel hy in sy volgende brief mee, slegs vier jaar oud, geleë op 'n hoogte van 6700 voet bo seespieël so hoog soos die Pilatus by Lucerne." Die klimaat is renerig, mistig, dit laat my sommige dae aan die Londonse mis dink," en kouerig „soos by ons in die najaar."

Die ongesonde Laeveld, vlakby na die ooste, was vir Theiler altyd iets besonders. Opgewonde skryf hy in Desember van sy eerste besoek aan Elandshoek. „Hierdie vallei is nie vir niks as die vallei van duisend heuwels bekend nie. Toe ek deur die tonnel van Waterval-Boven na Waterval-Onder kom, kon ek my verbeel in Switserland verplaas te wees; diep onder stromende water, daar bo die loodregte kranse." Maar, en dit het nie minder sy verbeelding gepak nie, hierdie pragtige vallei is 'n „giftige hol." Talryke slagoffers het die Malaria hier geëis tydens die bou van die spoorweg. In Maart 1898 was hy op 'n kort besoek in Komatiepoort, die ongesondste plek in Transvaal — en wat sien die mense daar sleg uit, geel en uitgeput van voortdurende koors, half dood soos hulle moeitevol voortkruip." Die dorp het sowat 100 inwoners, maar 'n vier jaar oue kerkhof het reeds 130 grafte.

Die Belfast-periode was geen gelukkige in die lewe van Theiler nie. Hy het die landsomstandighede teen hierdie tyd somber ingesien. Die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Runderpes het armoede nagelaat; besigheid in Johannesburg was sleg; die staatskas leeg. Dit lyk vir hom asof die land voor 'n groot krisis staan, miskien weer 'n rewolusie; hierdie keer nie Uitlander teen Boer nie maar Boer teen Boer. Hierdie laaste sonderlinge bewering maak hy na aanleiding van die opgewondenheid wat die ondersoek na die Dinamietkonsessie en ook die partystryd i.v.m. die komende presidentsverkiesing, veroorsaak het. Volgens hom was Schalk Burger die sterkste kandidaat teen Kruger. „By geval van 'n rewolusie sal my salaris nie betaal word nie. Soms wil ek my betrekking hier opgee vir 'n stiller lewe in Europa." Swartgallig ja — maar hy is die eerste om toe te gee dat die skeiding van vrou en kinders seker iets daarmee te doen het. In die volgende brief kom die stemming terug. Hy kla oor 'n sekere moegheid: moegheid „oor die lewe wat ek lei weens gebrek aan geld," 'n lewe „ wat armoedig, negatief en sonder ligstraal is." Hy verlang na onderhoudende geselskap. En dan: „Ek sal graag 'n bietjie veiliger wil voel." Hy het selfs aan sy vriend prof. Zschokke geskryf om 'n moontlike betrekking in Switserland.

Dit was gelukkig maar 'n verbygaande fase. Teen Februarie 1898 vra hy sy ouers om verskoning vir sy swaarmoedigheid. 'n Vriendelike brief



*Die agterkant van dr. Theiler se woonhuis.*

Foto: Dr. F. J. du T. Spies.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

van prof. Zschokke het hom veral nuwe moed gegee. „Ek sal in Afrika bly solank ek hier nuttige werk kan doen."

In sy werk het daar ook nuwe perspektief gekom. Hy het by die regering die oprigting van 'n entstof-instituut aanbeveel. President Kruger wat tydens sy eleksiereis ook sy proefstasie op Belfast besoek het, was die idee goedgesind. Intussen is Kruger vir die vierde keer tot president gekies. „Ek verwag niks as goeds daarvan nie. Die Transvaalse volk het hulle dankbaarheid tot hulle leier getoon." Hy self is nou volle burger van die Republiek. „Almal wat tydens die Jameson-inval by die regering gestaan het, het volle burgerskap gekry."

Sy voorstelle insake die entstof-instituut, asook die oor 'n algemene re-organisasie van die veeartsenydiens, is deur die regering en volksraad goedgekeur. 'n Nuwe laboratorium met bybehorende geboue en stalle is by Daspoort opgerig. Dit het op die regteroewer van Skinnerspruit gestaan vlak bokant die samevloeiing daarvan met die Apiesrivier. Vandag is daar niks van te sien nie.

Daar sou hy dan in die toekoms ook sy veeartseny-eksperimente voortsit. In April 1898 is die stasie op Belfast opgehef en keer hy tot sy grootste vreugde terug na sy gesin. Met harde en toegewyde werk het die nuwe inrigting eers in Julie gereed gekom. Intussen het hy egter in sy eie laboratorium 'n begin gemaak met die vervaardiging van pokke-entstof. Dit was 'n root sukses, die medici het sy produk oor die algemeen geprys en later is op groot skaal geproduseer. Teen Oktober is die 100,000ste dosis vervaardig, wat in 'n silwer houer aan landdros Schutte, die voorsitter van die raad van die instituut, oorhandig is. 'n Gewaardeerde besoeker aan sy laboratorium was president Steyn, tydens onderhandelinge wat hy in Oktober in Pretoria gevoer het. Die Vrystaatse president wens Theiler geluk met sy prestasie en sê dat hy sy naam al 'n hele tyd ken. „Dit verbaas my nie aangesien ek 'n goeie reputasie oor die hele Suid-Afrika het."

Behalwe die roetinewerk brei sy aktiwiteite oor 'n wye terrein uit. Die soektog na 'n middel teen perdesiekte lyk belowend in 1898. In hierdie jaar was die siekte besonder erg. Op versoek van president Kruger probeer hy 'n middel teen sprinkane vind; ook teen termiete wat in sommige dele van Pretoria die bou van huise byna onmoontlik gemaak het. In beide gevalle soek hy na 'n swam wat die insekte sal aantas. In die begin van 1899 word hy uitgeroep na 'n verdagte geval van Builepes in Middelburg; hy moes bakteriologies die aard van die siekte probeer vasstel. Gelukkig was dit nie Builepes nie. Hier het hy sy kennis ontoereikend gevind en hy praat daarvan om na Europa te gaan vir verdere studie in die bakteriologie.

Gedurende sy vry tyd neem hy ywerig deel aan bedrywighede onder die Switserse gemeenskap in Pretoria. Hulle rig 'n skietvereniging op. Switserse feesdae word op paslike wyse gevier. By een geleentheid het



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

staatsekretaris Reitz hulle met sy teenwoordigheid op 'n feesmaal vereer.

Teen April 1898 kry hy die lang verwagte aanstelling as Artillerie-veearts en toe die Magato- of Mpefu-oorlog in Oktober uitbreek, verwag hy om ter enige tyd ook opgeroep te word om die artillirie-perde te versorg, veral namate die somer aanbreek en hy die uitbreek van siektes onder mens en dier in die laagliggende dele van Soutpansberg verwag. Blykbaar was dit nie so erg nie en is hy nie opgeroep nie. Teen November was die oorlog verby.

'n Groot gebeurtenis in die lewe van die gesin was die verhuising na 'n nuwe woning. Met weemoed het hulle afskeid geneem van die ou tuiste in Les Marais wat 'n ware lushof was. „Uit die kaal veld het ons 'n pragtige park gemaak. Om die huis staan Eucalyptusbome wat vinnig groei. Om die laboratoriumgronde het ons nog 'n dubbele ry bome geplant . . . ." Verder het hulle daar 'n menigte van diere aangehou: perde, muile, koeie, donkies, hoenders, eende, duikers, tarrentale, kalkoene, duiwe



*Hierdie foto van die eertydse terrein van dr. Theiler se laboratorium naby Daspoort is geneem feitlik vanaf dieselfde plek waar die foto van die laboratorium destyds geneem is. Vandag is daar niks te sien nie en binne afsienbare tyd sal die Stadsraad se nuwe markterrein in daardie omgewing tot stand kom.*

Foto: Dr. F. J. du T. Spies.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

en konyne; ook 'n groot groentetuin wat hulle dwarsdeur die jaar vars groente verskaf; aarbeie, die grootste in Pretoria en in oorvloed. „Met verdrag het ek 'n posisie verower wat alles aanbied om 'n mens gelukkig te maak. Ek sal nooit faal in energie om die vertroue in my te regverdig nie, solank my gesondheid hou."

Maar sy nuwe laboratorium was te ver van hierdie huis, sodat hy besluit het om nader te gaan woon. „Ek het 'n stuk grond naby die laboratorium by Daspoort gekoop, waar ek vir my 'n mooi huis wil bou," berig hy in Oktober 1898. Weer 'n kaal stuk veld waar hulle van vooraf moet begin tuinmaak. Sy vrou Emma gee meer besonderhede in 'n brief wat sy later aan haar skoonouers kryf. Die grote van die grond was 120 by 240 voet; die prys £275. Die huis, 'n mooi grote, „heeltemal van baksteen" sou £900 kos. Dit het beteken dat hulle weer 'n verband moes opneem wat hulle na drie jaar hoop om af te betaal. Verder vertel sy hoe hulle die tuin begin uitlê, met granaat- en kweperheinings, ook 'n blomtuin. Ongelukkig was daar nie genoeg water vir 'n groentetuin nie. Om dieselfde rede kon hulle nie die eende saambring nie; wel hoenders. Die duiwe moet nog gevang word, maar sy weet nie hoe nie. In die begin van 1899 het hulle die heerlike ruim huis betrek.

Hierdie huis staan tans (Februarie 1958) nog, en wel op die hoek van Von Wielligh- en Borderstraat, maar word nie meer bewoon nie en sal waarskynlik binnekort gesloop word. Ook die tuin is nog daar, hoewel erg verwaarloos; die huis gaan heeltemal skuil agter hoë bome en heinings.

So het die jaar 1899 met mooi vooruitsigte vir die Theilers aangebreek, hoewel die skuld op die nuwe huis die voorgenome besoek aan Europa waarna hulle erg uitgesien het, vir nog 'n paar jaar die toekoms ingeskuif het.

Op 30 Januarie 1899 is nog 'n seun gebore. Die geluk is „amper te veel," skryf Theiler aan sy ouers. En 'n paar maande later is die moeder se kommentaar: „Die prins sien daar pragtig uit. Arnold sê sy naam moet Max wees."

„Vandag is ek twee-en-dertig jaar oud," skryf Theiler op 26 Maart. „Hoewel nog jonk is ek taamlik moeg vir Afrika. Maar aangesien die noodlot dit so beskik het moet ek my hier aanpas. Ek kan met bevrediging op my loopbaan terugkyk. Dit gee my moed om voort te gaan; net so ook om na my vaderland terug te keer, waar dit nie moeilik behoort te wees om 'n betrekking te vind nie. Ek werk met al my energie sodat ek oor 'n paar jaar na Switserland kan terugkeer."

En toe kom die onverwagte. Net die volgende maand vaardig die regering hom af na 'n internasionale veeartsenykongres in Baden-Baden, en het hy die vooruitsig om Europa en sy ouers binne 'n maand of wat te sien.

*(word vervolg)*

— F. J. DU T. SPIES.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# DIE TOTSTANDKOMING EN ONTWIKKELING VAN DIE STAATSBIBLIOTEEK IN PRETORA

DIE ontstaan en die groei van die Staatsbiblioteek kan vandag beskou word teen die agtergrond van die politieke en ekonomiese geskiedenis van die Transvaal en van Suid-Afrika; en dit is waarskynlik eers dan dat dit vir die gros van die lesers van „Pretoriana" belangrik en interessant word. Ons weet reeds hoe die Transvaal deur blankes bewoon geraak het. Dit was een van die uitvloeisels van die Groot Trek, of liewers, moet ek sê, dit was 'n deel van die Groot Trek. Ons weet verder van die wederwaardighede van die jong Suid-Afrikaanse Republiek, later gewoonweg die Transvaal, tot vandag toe.

Ons weet veel van die ekonomiese ontwikkeling van die gebied — die landbou, die mynwese, die handel en die nywerhede. Maar wat die geskiedenis gewoonlik nie aan ons vertel nie, is hoe die bende trekkers en stryders 'n beskaafde kultuurvolk geword het. Hoe het die intellektuele lewe van die bevolking tot groter wasdom ontluik? Wat het dit aangewakker?

Ons sal vind dat in daardie proses *die boek* 'n belangrike rol gespeel het. Die belangrikheid daarvan is vroeg besef deur manne soos dr. Roorda-Smit, Paul Kruger, Rev. Gray, Leyds, Mansveldt, Rev. Weavind, Fred Jeppe, F. T. Nicolson, dr. Engelenburg en E. F. Bourke, om maar die belangrikste van die manne te noem wat met die opbou van 'n boekeversameling in die hoofstad van die ou Republiek 'n leidende rol gespeel het.

Die geskiedenis van die Staatsbiblioteek is deel van die geskiedenis van die intellektuele ontwikkeling van Transvaal en dus van die Unie van Suid-Afrika. Laat ons dan die geskiedenis van die Biblioteek kortliks nagaan.

Maar eers bring ek 'n paar welbekende gebeurtenisse in die geskiedenis van die Republiek, met hulle datums, weer in herinnering want hulle het met die ontstaan van die Staatsbiblioteek direkte verband.

In 1877 annekseer Shepstone die Suid-Afrikaanse Republiek.

1877-1880: Paul Kruger en sy mense talm in hul verset omdat daar oorloë met die Bantoe aan die gang is en omdat hulle hoop om Groot Brittanje tot teruggawe van hul onafhanklikheid te beweeg langs vreedsame weg. Engeland en verskeie Europese lande — waaronder Nederland — word deur die Transvaalse Driemanskap met die doel besoek.

Desember 1880: 'n groot vergadering van tussen 5,000 en 6,000 burgers vind plaas by Paardekraal.

Op Dingaansdag, 1880, word die Vierkleur weer op Heidelberg gehys en die oorlog begin.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

28 Januarie 1881 die Slag by Laingsnek, gevolg deur die Slag by Bronkhorstspruit.

27 Februarie 1881: Majuba.

3 Augustus 1881: Konvensie van Pretoria. Transvaal is weer vry.

Die drie leiers se besoek aan Europa tydens die Britse regime in Transvaal het veel opspraak veroorsaak. Veral in Nederland is Kruger en sy manne met veel goedgesindheid en meegevoel ontvang. Holland het weer bewus geword van sy verwantskap met sy stamgenote in Suid-Afrika, en het tasbare bewyse gelewer van sy belangstelling in hulle vryheidskamp. Direk het daardie aangewakkerde belangstelling aanleiding gegee tot 'n brief uit Leiden, gedateer 25 Julie 1882, en gerig aan die here S. J. P. Kruger, M. W. Pretorius en P. J. Joubert „uitmakende de Voorlopige Regering van de Zuid-Afrikaansche Republiek." Dit is in die keurigste handskrif — *skoonskrif* kan jy maar sê — in die Argief in Pretoria bewaar; en ek kan omrede sy belangrikheid vir ons onderwerp nie die versoeking weerstaan om 'n deel daarvan aan te haal nie:

„Edel Achtbare Heeren,

Het Bestuur van de Maatschappij der Nederlandsche Letterkunde te Leiden, in 1776 opgericht en aldaar gevestigd, ziet zich de eervolle en aangename verplichting opgelegd U kennis te geven van een besluit door de Maatschappij in hare algemene vergadering van 15 Juni l.l. genomen.

Het is niet meer noodig U den indruk te schetsen, dien de heldhaftige vrijheidskamp van het Transvaalsche volk in Nederland heeft gemaakt, of u de vreugde te beschrijven, die de gezegende uitkomst van dien strijd hier allerwegen heeft gewekt. Gij draagt daarvan kennis en hebt reeds getoond, dat gij die belangstelling hoog waardeert.

Het gevaar dat U dreigde is thans afgeweerd, maar het daardoor verlevendigd besef onzer verwantschap met u kan en mag ook niet weder worden uitgedoofd.

De Nederlanders hebben het te diep gevoeld dat *die* dappere strijders daarginds hunne broeders waren, dan dat zij dit ooit zouden vergeten. Gij van uwe zijde, wij houden ons daarvan verzekerd, staat met ons in die overtuiging en keurt de pogingen goed die hier worden aangewend om den band tusschen Nederland en zijne zonen in Zuid-Afrika nauwer toe te halen.

Op dien grond stelden de Leidsche leden der Maatschappij aan de Algemeene Vergadering voor, eene zooveel mogelijk volledige verzameling van de beste voortbrengselen der Nederlandsche Letterkunde bijeen te brengen, en die aan de Stamverwanten in Zuid-Afrika, allereerst aan het Transvaalse Volk, ten geschenke aan te bieden.

De Maatschappij verbindt daaraan geenerlei voorwaarden. Zij zou zich gelukkig achten indien haar plan aan uwe inzichten en wenschen bleek te beantwoorden en bovenal indien zij daarvoor iets mocht bijdragen om kennis en waardeering van de Nederlandsche Taal en Letterkunde in uwe



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Republiek te verbreiden. Van de nationaliteit die uw volk zoo kloek heeft gehandhaafd, blijve de taal waarin het tot den strijd voor de vrijheid werd opgeroepen, het onderpand en de steun.

Met oprechte hoogachting en heilbede noemen wij ons:

Het Bestuur van de Maatschappij der Nederlandsche Letterkunde.

R. Fruin, Voorzitter.
J. J. H. Frantzen, Secretaris."

Op 4 September 1882 aanvaar die Regering van die Republiek die aanbod uit Leiden met dank, „te meer," so verklaar hulle, „daar sedert geruimen tyd *byna uitsluitend Engelse litteratuur* wordt ingevoerd, *en de rykdom der Nederlandsche letterkunde hier grootendeels onbekend is.* De Regering," so lui die brief verder, „zal bij ontvangst onder te maken reglementen, de verzameling toegankelijk stellen voor het publiek en van gemelde Reglementen en copij zenden aan uwe Maatschappij."



*Die pyltjie wys na die „Gouvernements Schoolgebouw", wat in 1860 voltooi is en wat o.a. ook vir 'n tydlank die Staatsbiblioteek gehuisves het. Die gebou regs, oorspronklik in 1856 gebou as kommandantsgeneraalswoning vir komdt.-genl. M. W. Pretorius, het in 1862 die postorie van ds. Begemann geword. Die Paleis van Justisie staan tans op hierdie twee erwe.*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

„Ook onze wensch is steeds *in nauwer gemeenschap te blijven* met het oude Moederland, door ons steeds hoog geacht, en nu te meer na zoo vele blijken van trouwe vriendschap in tijden van druk . . . Het streven der Regering sal steeds zijn *onze onafhankelijkheid te bewaren*, en in de kring der beschaafde natiën voortdurend gerangschikt te zijn."

In dieselfde jaar waarin Leiden hierdie mooi geskenk gemaak het, het die Bestuur van die Nederlandse Bybelgenootskap te Amsterdam *ook* 'n present aan die Regering aangebied in die vorm van 100 Bybels en ander godsdienstige werke. Die twee besendings is in 8 kiste gepak en het Pretoria oor Durban veilig bereik. In die Staatskoerant is destyds aangekondig dat die boeke uit Leiden bestaan het uit *wetenskaplike publikasies* en algemene Nederlandse letterkunde — dus 'n goeie kern vir 'n Staatsbiblioteek.

'n Derde geskenk van boeke in daardie selfde jaar 1882 is deur die Portugese Konsul in Pretoria gemaak. Hulle het uit *wetenskaplike werke* bestaan — dus weer studiemateriaal. Tydens die aanbieding van daardie versameling het die Konsul, majoor Machado, te kenne gegee dat verdere werke van Portugal sou volg, 'n belofte wat ook onlangs nagekom is, want nog verlede jaar het die Portugese Regering aan ons 'n baie mooi versameling aangebied, wat ons met groot waardering in ontvangs geneem het.

Die *drie versamelings* was 'n waardevolle kern vir 'n Goewermentsbiblioteek. Maar hulle was nie die enigste versamelings wat opgeneem moes word nie.

Daar was *nog twee ander*, en wel ouer, versamelings.

Die eerste het bestaan uit 'n aantal boeke wat veral onder leiding van dr. J. A. Roorda-Smit, die Hoof van die Gimnasium te Pretoria, vanaf 1876, toe hy deur pres. Burgers uit Nederland na Transvaal gebring is, byeengebring is. Dit was 'n vrugbare tyd van intellektuele groei vir die Republiek en veral vir Pretoria, tydens die bewind van president Burgers, want naas die Gimnasium het dit ook die begin gesien van 'n botaniese tuin, die Burgerspark, 'n Staatsmuseum en die boekeversamelings waaruit die Staatsbiblioteek spoedig sou ontstaan.

Die tweede versameling boeke in die jong maar groeiende dorp Pretoria is onderneem deur Rev. Weavind wat in 1878, tydens die Britse bewind, dr. Roorda-Smit se voorbeeld gevolg het. Hy en sy vriende het Engelse werke byeengebring by wyse van skenkings en deur aankope. Hulle het hul boekery genoem „*The Public Library*." Dit was 'n gewone *leenbiblioteek*, en *subskripsies* was betaalbaar.

Dit is waarskynlik dat hierdie twee partikuliere of nie-offisiële versamelings saamgesmelt het, want toe die Regeringsversamelings ontvang is en in 'n bepaalde boekery gesit is, was daar blykbaar slegs een privaat biblioteek, n.l. die „Public Library."

Met die einde van die Britse bewind in 1881 het sommige van die Engelssprekendes vertrek en het die „Public Library," wat alreeds nie



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

'n baie bloeiende bestaan gevoer het nie, gekwyn. In die volgende jaar toe die Regeringsversamelings ontvang word, is daar deur die Regering en die „Public Library" samesprekings begin, wat op die samesmelting van die twee versamelings onder die naam „Staatsbiblioteek" uitgeloop het.

Die „Public Library" het hoofsaaklik uit novelle-lektuur bestaan. Hier ontstaan dus reeds die tweeledige funksie van die Staatsbiblioteek. Dit is 'n Staatsbiblioteek vir ernstige studie maar ook 'n leen-biblioteek van populêre leesstof vir die inwoners van dié dorp en omgewing.

Die Regering het die nuwe inrigting van huisvesting voorsien, 'n bibliotekaris benoem, en dit onder die leiding van die Onderwysdepartement gestel. Daar hoort 'n openbare biblioteek gewoonlik te ressorteer. Dan is dit onder toesig wat doelgerig leiding kan gee en die biblioteek kan help om sy funksie as opvoedingsinrigting doeltreffend te verrig. Vandag fungeer die Staatsbiblioteek weer waar dit hoort, n.l. onder die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, en die Departement sal dit mettertyd help om in elke opsig aan sy doel te beantwoord.

As iemand die verdere geskiedenis van die Biblioteek wil skets, kan hy



*Die Erasmus (Equity)-gebou in die n.-o. hoek van Kerkplein, wat onlangs gesloop is, het in die 1890-er jare die Staatsbiblioteek gehuisves. Hier het Jan Celliers gewerk.*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

aan verskillende sake aandag verleen. Hy kan byvoorbeeld die name van die bibliotekarisse in kronologiese volgorde gee. Hy kan vermeld in watter geboue die inrigting beurtelings gehuisves was. Hy kan die groei van die aantal boeke en die aantal lesers aanstip en meedeel hoe die beskikbare fondse van jaar tot jaar toegeneem het. Hy kan vertel van veranderings van beleid ten opsigte van die tipe boeke wat aangekoop word of die ander hulpmiddels wat in diens geneem word. Hy sal nie altoos 'n ewe rooskleurige prentjie kan vertoon nie, want die geskiedenis is nie eensydig nie. Dit is ook nie onwaar nie. Hy sal moet vertel van terugslae sowel as heerlike, bemoedigende vordering. Hy sal soms moet melding maak van 'n tekort aan personeel en fondse, van totaal ontoereikende geboue met te min vertrekke, van die verwaarlosing van sekere dele van die Biblioteek se werk soos die aankoop, katalogisering, beskikbaar stel en adverteer van die boekevoorraad wat vir ernstige studie bedoel is, van die gebrek aan reklame deur middel van lesings en in die pers, van die versuim om moderne tegniese hoor-en-sien hulpmiddels tot die verspreiding van kennis, wysheid of vermaak in diens te neem, van 'n tekort aan personeel om die Biblioteek volledig te laat fungeer, van die in diens neem van onvolledig toegeruste arbeidskragte, van die verwaarlosing van die behoeftes van sommige dele van die samelewing, van beheer- en adviesrade wat vir lang tydperk in 'n staat van daadloosheid- of miskien selfs van diepe slaap of gebrek aan visie verval, van die wegraak van boeke waarvan sommige in partikuliere versamelings van Pretorianers vergeet geraak het, van die afstap van die beleid om die room van die letterkunde van Nederland en België na die Biblioteek in te voer, van die versuim om 'n voorstedelike biblioteekdiens in die lewe te roep.

Maar die prentjie het gelukkig ook 'n keersy. Aan die ander kant moet die geskiedskrywer ook aanmerklike vordering en uitbreiding boekstaaf. Van die kosbare dienste wat die Staatsbiblioteek tans aan die publiek nie slegs van Pretoria en sy omgewing nie, maar van die hele Suidelike Afrika — deur die pos — aanbied, kan hier slegs genoem word. Hier moet kortliks melding gemaak word van die lang lys van Regeringsamptenare en Bestuurslede, onder wie die Direkteure van Onderwys, wat tydens die jare van die Republiek, asook daarna, die belange van die Biblioteek behartig het en gesorg het vir treffende vooruitgang; ook van die reeks Bibliotekarisse en hulle assistente wat met toewyding hulle werksaamhede behartig het onder wie manne was soos A. J. Begemann, 1887-93; Jan F. Celliers, 1893-99, wat met die begin van die Tweede Vryheidsoorlog in 1899 sy betrekking as bibliotekaris neergelê het om op kommando te gaan en na die krygsoperasies *naam gemaak* het as digter; die geleerde R. W. Heaton, 1902-31, in wie se tyd die Biblioteek in 1916 'n Kopieregbiblioteek geword het; en die huidige Bibliotekaris, mnr. M. M. Stirling, 1931 tot sy aftreetyd vanjaar, onder wie se leiding die Biblioteek volgens moderne praktyk, en 'n landswye leensdiens ontwikkel het.

Wat betref die geboue waarin ons Biblioteek van tyd tot tyd gehuisves



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

was, moes die Inrigting sowat vyfkeer verhuis voordat dit sy huidige tuiste finaal bereik het. Dit was eers in Pretoriusstraat waar die Koedoe-apteek tans staan, daarna op die Plein waar die Paleis van Justisie vandag is, toe in die Erasmusgebou (die huidige Equity-gebou was so pas gesloop is), vervolgens in die latere Reserwebank-gebou in Kerkstraat. Eers in 1919 is die standplaas van vandag, in Andriesstraat betrek. Die *Departement van*



*Ds. A. J. Begemann, wat vanaf* 1887 *tot* 1893 *die eerste Staatsbibliotekaris was. Hy was as predikant van die Ned. Herv. Gemeente vanaf* 1861 *in Pretoria woonagtig.*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

*Publieke Werke was verantwoordelik vir die ontwerp* en ons ou vriend, *mnr. Corbishley, was die boumeester.*

Ek sluit hierdie artikel af met 'n woord van hulde aan al die werkers en werksters wat ons in die Biblioteek se diens voorafgegaan het en by name ons onlangs ontslape Suid-Afrikaanse kunstenaar, J. H. Pierneef, want ook hy het *deur nywere arbeid* die Staatsbiblioteek gedien. Vir agt jaar, 1912 tot 1920 was hy as assistent 'n lid van die personeel. Ek sou graag sien dat daar ter gedagtenis aan sy dienstyd minstens een van sy werke in die Staatsbiblioteek waar hy met groot toegewydheid gearbei het, *permanent gehang word.*

— Dr. G. W. EYBERS.

(Met erkenning van die S.A.U.K.)

---

# Prince Christian Victor

DEATH, with typhoid as its ugly agent, singled out a royal prince, in the prime of life, to join the ranks of those legions of British soldiers who never returned from the South African War. He was a grandson of Queen Victoria and first cousin to the German Emperor, a link between Guelph and Hohenzollern, but a grave in the old cemetery of Pretoria far from the courts of Europe, was to house the earthly remains of Christian Victor Ludwig Ernest Anton of Schleswig-Holstein.

The prince's father, who was of the house of Schleswig-Holstein, married the third daughter of Queen Victoria and became a naturalised British subject. Christian Victor, the eldest of four children, was born on the 14th April, 1867. His education followed the conventional pattern of the British aristocracy — Wellington College, Magdalen College, Oxford, and then admittance to the Royal Military College at Sandhurst. Thenceforth his career was that of a soldier and he was commissioned in the King's Royal Rifle Corps in 1888; in 1890 he was a lieutenant and six years later a captain and brevet major.

The military business of Empire took Christian Victor far afield — to the North West Frontier of India in 1891-2, to Ashanti in 1895 and to the Sudan in 1898. When he landed at Cape Town from the "Braemar" on the 26th October 1899, it was the start of his third campaign in Africa. He served on the Natal front on General Hildyard's staff. After Colenso he was one of the pallbearers at the funeral of Lord Roberts' only son. In August, 1900 he was appointed an extra aide-de-camp to Lord Roberts. A few weeks later he was stricken with enteric in Pretoria.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

He had been a robust young man and his recovery seemed likely. Lord Milner visited him at the Imperial Yeomanry Branch Hospital (Merton Keep) on the 16th October. On the 29th he died after a relapse.

Arrangements were immediately made by Army Headquarters for elaborate military ceremonial to mark the removal of his body to England. The prince however had expressed a wish to be buried with his comrades and the funeral took place in the military section of the Pretoria cemetery.

From all reports Christian Victor was modest, popular and genial. His sister, the late Princess Marie Louise, in *My Memories of Six Reigns*, published recently tells of a strange experience that befell her some eighteen months after his death. Christian Victor appeared briefly in her apartment in London in uniform without medal ribbons and said quietly that he had just come to see how she was. (She had in fact passed through a period of great stress). The absence of medal ribbons had special significance as British officers had discontinued wearing them in the field in South Africa.

— A. M. DAVEY.

# INSPEKSIERAPPORT VAN PRETORIASE PLASE — AUG. 1841

ONDERSTAANDE is 'n lys van plase in die Pretoria-distrik waarvan die bakens in 1841 geïnspekteer is. Die aanhef van hierdie rapport wat in die Akteskantoor, Pretoria berus, lui as volg: „Rapport van Inspectien van Plaatzen door G. J. Kruger, M. J. Redelinhuys, W. J. Grobler gelegen aan Magaliesberg, geinspecteerd in den maand Augustus 1841."

Hierdie dokument is die heel oudste lys waarin die plaasname en die name van die eerste eienaars van plase van ons distrik voorkom en is dus vir die geskiedskrywer van Pretoria van groot waarde.

| **Naam van Verzoeker.** | **Plaats.** |
|---|---|
| W. Botha | Rhenoster Poort -5 August 1841. |
| J. J. Kloppers | de Poord -5 August 1841. |
| D. J. J. Oosthuyzen | Wilgerspruit- 8 August 1841. |
| D. Botha | de Weyde Hoek - 8 August 1841. |
| Jan D. Cronje | |



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

| | |
|---|---|
| D. J. Erasmus de Oude | Swartkop 8 August 1841. |
| Daniel Elardus Erasmus | Doornkloof—9 August 1841. |
| Susanna Magretha Jacobus Weduwee Erasmus | Rietvalley—9 August 1841. |
| Susara Jo. Bronkors Weduwee Holstuyse | Garsvontyn—9 August 1841. |
| Lucas C. Bronkors | Groenekloof—9 August 1841. |
| Erasmus de Oude | Wonderboom—10 August 1841. |
| Susara Magritha Jacobs Weduwee Erasmus | de onderste Poort—10 August 1841. |
| F. A. Strydom | Oliphants Vontyn—10 August 1841. |
| G. Bronkors | Eylands Poort gelegen aan de bovenpunt van Aaprivier van daar door ongelykheid van veld naar gissing de Hoekbakens aangewezen en opgeregt—August 1841. |
| Helena Hennop Weduwee | Hennops Rivier—7 Augustus 1841. |
| F. A. Strydom | Swart Kop—7 Augustus 1841. |
| H. Wolmarans | |
| Jan Jacobs M. zoon | Spets Kop |
| F. Wolmarans F. zoon | doornhoek—5 Augustus 1841. |
| C. Vroneman | |
| G. Wolmarans | Eylands vontyn—6 Augustus 1841. |
| Hans J. Erasmus | |
| D. J. J. Oostuyse | Rietvontyn—6 Augustus 1841. |
| Jan Prengel | Haakplaats—10 August 1841. |
| Gerhardus Dirk C. Kotsee | Cameelvontyn—11 August 1841. |
| P. L. Venter Ja. zoon | Elandsvontyn—11 August 1841. |
| Stephanus Kruger de Oude | Kaffersnek—12 August 1841. |
| D. G. Kruger C. zoon | Krokodils drift—12 August 1841. |
| F. du Plessis | Dassies Poort—15 August 1841. |
| Jacobus Schepers de Oude | Dwarsvalley—20 Augustus 1841. |

Eene ware Copy. Landdrostkantoor, Rustenburg, 14 Dec. 1858.
Wm. Robinson, Landdrost."

W. PUNT.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## DR. JAN PLOEGER VEREER.

ONS bestuurslid en medewerker, dr. Jan Ploeger, wat 'n paar jaar gelede as assessor-lid van die Suid-Afrikaanse Akademie benoem is, is onlangs as lid van die „Maatschappij der Nederlandse Letterkunde", gevestigd in Leiden, Nederland, benoem.

Ons hartlike gelukwense aan dr. Ploeger. (Red.)

---

GENOOTSKAP OUD PRETORIA — ASSOCIATION OLD PRETORIA

# LEDELYS: 30/6/1958: LIST OF MEMBERS

Albinus, Mnr. F. C. — Posbus 1818, Pretoria.
Axelson, Dr. & Mrs. E. — P.O. Box 63, Silverton.
Baker, Mr. S. K. (Life Member) — P.O. Box 112, Pretoria.
Barnes, Mrs. L. H. — 9 Tiny Town, 700 Church St., Pretoria.
Barrowman, Dr. & Mrs. T. R. — 161 Lynnwood Rd., Brooklyn, Pretoria.
Batchelor, Mrs. M. — 5, Scantlebury Mansions, Smal St., Johannesburg.
Beanes, Mr. C. J. — c/o. Mrs. S. Kuiper, 752 Arcadia St., Pretoria.
Beezhold, Mnr. F. W. (Lewenslid) — Haarhoffstraat 935, Villieria, Pretoria.
Behrens, Mnr. H. P. H. — Posbus 145, Silverton.
Besaans, Mr. Leo C. (Life Member) — 795 Government Avenue, Pretoria.
Beyers, Dr. C. — Amosstraat 34, Colbyn, Pretoria.
Bischoff, Dr. E. W. — Van Riebeeck Mediese Gebou Nr. 60, Schoemanstraat, Pretoria.
Bloem, Mnr. E. H. — Posbus 1037, Pretoria.
Bloemsma, Mnr. B. — Riverview Flats Nr. 1, Skinnerstraat, Pretoria.
Bok, Mev. W. E. — Mackenziestraat 375, Brooklyn, Pretoria.
Bosman, Dr. F. C. L. — Brookstraat 100, Brooklyn, Pretoria.
Bosman, Prof & mev. J. C. Corbishley Flats Nr. 3, Walterstraat, Arcadia, Pretoria.
Bosman, Mnr. J. D. — Monumentlaan 2, Lyttelton.
Bosman, Mnr. & mev. P. E. — Murraystraat 36, Brooklyn, Pretoria.
Botha, Mnr. J. G. C. — Kamer 618B, Jeugsentrum, Vermeulenstraat, Pretoria.
Botha, Mnr. & mev. S. J. — Posbus 989, Pretoria.
Bourke, Mr. & Mrs. Myles — 104 St. Patrick's Rd., Muckleneuk, Pretoria.
Braak, Mev. G. H. — Parkstraat 567, Pretoria.
Brink, Mnr. L. van H. — Posbus 440, Pretoria.
Cilliers, Mnr. C. A. — Pretoriusstraat 990, Pretoria.
Cloete, Dr. J. J. N. — p/a Universiteit van Pretoria, Posbus 486, Pretoria.
Coetzee, Prof. dr. Abel J. — Posbus 1176, Johannesburg.
Coetzee, Mnr. & mev. N. A. Julius Jeppestraat 72, Waterkloof, Pretoria.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Coetzee, Dr. & mev. P. C. — St. Patrick'sweg 253, Muckleneuk, Pretoria.
Cooper, Mr. Henry W. "Platdak", 688 Ben Swart St., Rietfontein, Pretoria.
Cooper, Mnr. N. T. Brookstraat 293, Brooklyn, Pretoria.
Dannhauser, Mnr. & mev. C. J. — Manningstraat 65, Colbyn, Pretoria.
Davey, Mr. A. M. — c/o State Archives, Union Buildings, Pretoria.
Davies, Miss J. H. — c/o State Archives, Union Buildings, Pretoria.
De Bruyn, Mnr. A. J. W. — Charlesstraat 167, Brooklyn, Pretoria.
De Bruyn, Mnr. C. L. — p/a De Bruyn se Skoenwinkels, Kerkstraat 285, Pretoria.
De Bruyn, Mnr. G. — p/a De Bruyn se Skoenwinkels, Kerkstraat 285, Pretoria.
De Bruyn, Mnr. Henk — p/a De Bruyn se Skoenwinkels, Kerkstraat 285, Pretoria.
De Jong, Mnr. Jan J. (Lewenslid) — Bourkestraat 313, Muckleneuk, Pretoria.
De Jong, Mev. J. — Bourkestraat 313, Muckleneuk, Pretoria.
De Kock, Dr. & mev. D. J. — Hans Pirowstraat 236, Muckleneuk, Pretoria.
De Kock, Dr. W. J. — Avondale Mansions, Mainstraat 229, Muckleneuk, Pretoria.
De Loor, Prof dr. B. — Lynnwoodweg 109, Pretoria.
De Loor, Mev. H. — Posbus 124, Pretoria.
De Wet, Mnr. J. M. — Opera House-gebou, Pretoriusstraat, Pretoria.
De Wet, Oud-Regter N. J. — Kerkstraat-Oos 1003, Pretoria.
De Winter ,Mnr. B. — Valleyweg 125, Sunnyside, Pretoria.
De Zwaan, Mrs. H. — 215, St. Patrick's Rd., Muckleneuk, Pretoria.
Duminy, Prof. J. P. — c/o University of Cape Town, Cape Town.
Du Plessis, Mnr. J. P. — Posbus 432, Pretoria.
Du Toit, Ds. F. G. M. — Pleinstraat 111, Sunnyside, Pretoria.
Du Toit, Kapt. H. de V. — Bourkestraat 99, Sunnyside, Pretoria.
Du Toit, Dr. P. J. — p/a W. N. N. R., Posbus 395, Pretoria.
Dyason, Mnr. Roger — Posbus 793, Pretoria.
Dyer, Mr. P. — P.O. Box 61, Pretoria.
Eaton, Mr. Norman (Life Member) — Velra House, 20 Bureau Lane, Pretoria.
Engelbrecht, Prof. dr. S. P. — Lisdoganlaan 164, Pretoria.
Erasmus, Mnr. & mev. C. W. — Parkstraat 1261, Hatfield, Pretoria.
Erasmus, Mnr. J. G. — Davonhof Nr. 6, Andries Pretoriusstraat 57, Bloemfontein.
Eybers, Dr. & mev. G. W. — Posbus 80, **Pk. Lynnwood,** Pretoria.
Findlay, Mr. George — Flat 36, Drostdy Buildings, Andries St., Pretoria.
FitzSimons, Dr. V. — P.O. Box 413, Pretoria.
Garner, Dr. J. C. — 125 Main St., Waterkloof, Pretoria.
Glaeser, Mej. W. E. — Trouwstraat 101, Capitalpark, Pretoria.
Gosselink, Mev. C. — Jeanadri Nr. 7, Van der Waltstraat 525, Pretoria.
Greenlees, Mrs. H. — 215, St. Patrick's Rd., Muckleneuk, Pretoria.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Griffiths, Mnr. S. K. — Haystraat 372, Brooklyn, Pretoria.
Grobler, Ds. & mev. G. P. J. — Posbus 57, **Pk. Hercules,** Pretoria.
Gunn, Miss M. D. — P.O. Box 994, Pretoria.
Haak, Mnr. & mev. P. B. — Avonduur, Clublaan 118, Posbus 769, Waterkloof, Pretoria.
Hahndiek, Herman J. — Prudential Deurloop Nr. 13, Pretoria.
Hamilton, Mr. Robert — 264 Loveday St., Muckleneuk, Pretoria.
Hendrikz, Mnr. C. F. — Die Heuwelskool, Proklamasieheuwel, Pretoria.
Hiemstra, Mnr. L. W. — Posbus 692, Kaapstad.
Hiemstra, Brig. & mev. R. C. — p/a Verdedigingshoofkwartier, Potgieterstraat, Pretoria.
Kleynhans, Mnr. J. P. — Bourkestraat 91, Sunnyside, Pretoria.
Klopper, Kmdt.-genl. H. — Kamer 132, Verdedigingshoofkwartier, Potgieterstraat, Pretoria.
Klopper, Mev. J. — Vom Hagenstraat 426, Pretoria.
Kluyts, Mnr. G. R. J. — Buffelsweg 61, Rietondale, Pretoria.
Koornhof, Dr. P. G. J. — Posbus 384, Pretoria.
Korthuys, Mnr. & mev. P. — p/a Nederlandse Ambassade, Posbus 117, Pretoria.
Kraamwinkel, Mnr. P. E. — Posbus 334, Pretoria.
Krogh, Mnr. P. M. D. — Bourkestraat 282, Sunnyside, Pretoria.
Lane, Mrs. E. C. — 215 Charles St., Brooklyn, Pretoria.
Lombard, Mnr. J. A. — Stillerus, Posbus 94, Pretoria-Noord.
Lubbe, Dr. W. J. G. — Murraystraat 350, Brooklyn, Pretoria.
Lyell, Dr. H. P. J. — Box 25, P.O. Esselen Park.
Maggs, Mr. Eugene O'C. — P.O. Box 291, Pretoria.
Malan, Mnr. J. B. — Bereastraat 474, Pretoria.
Malherbe, Mev. Mabel — Rooiwal, Pk. Brondal, Oos-Transvaal.
Malherbe, Mev. M. — Bronkhorststraat 73, Groenkloof, Pretoria.
Maskew, Mr. & Mrs. W. H. — 387 Lynnwood Rd., Menlo Park, Pretoria.
Mayer, Mnr. Erich — „Ons Tuis," Soutpansbergweg, Riviera, Pretoria.
Meiring, Prof A. L. — Posbus 486, Pretoria.
Meiring, Mnr. P. G. J. — Staatsinligting Privaatsak, Pretoria.
Meyer, Dr. A. M. T. — Universiteit van Pretoria, Posbus 486, Pretoria.
Meyer, Mnr. J. S. — Pretoriase Onderwyskollege, Walkerstraat, Pretoria.
Mulder, Mnr. J. J. — Pretoriase Onderwyskollege, Walkerstraat, Pretoria.
Naude, Mnr. & mev. S. F. Hervormde Gemeentegebou Nr. 29, Du Toitstr., Pretoria.
Newman, Mrs. D. B. — 4 Edward Mansions, 279 Skinner St., Pretoria.
Nicolson, Mr. M. G. — 175 Mackenzie St., Brooklyn, Pretoria.
Parker, Mrs. E. — 590 Jorissen St., Sunnyside, Pretoria.
Peacock, Dr. R. — Montaguestraat 713, Hercules, Pretoria.
Pelzer, Prof. dr. A. N. — Universiteit van Pretoria, Posbus 486, Pretoria.
Penzhorn, Mnr. A. — p/a Barclay's Bank, Posbus 4, Kaapstad.
Ploeger, Dr. J. — Crotsstraat 946, Rietfontein, Pretoria.
Plokhooij, Mnr. C. — Edwardstraat 51, Pretoria.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Potgieter, Mnr. D. F. M. — Bronkhorststraat 64, Groenkloof, Pretoria.
Preller, Mnr. D. S. — p/a Goewerneurgeneraalswoning, Pretoria.
Preller, Mnr. Johann F. Murraystraat 330, Brooklyn, Pretoria.
Pretorius, Mnr. J. — p/a Transvalia Meubels, Sentraalstraat, Pretoria.
Pretorius, Mnr. J. G. — Mimosahof, Van Lennepstraat, Pretoria.
Pretorius, Mnr. J. H. — Parkstraat 824, Pretoria.
Punt, Dr. W. H. J. — St. Patrick'sweg 251, Muckleneuk, Pretoria.
Rex, Mnr. & mev. H. M. — Frans Oerderstraat 109, Groenkloof, Pretoria.
Rissik, Mnr. G. — Posbus 427, Pretoria.
Roberts, Adv. A. A. — 414 Netherlands Bank Building, Church St., Pretoria.
Rompel, Mev. A. — p/a Mej. Lea Rompel, A.J.O.-gebou 219, Visagiestr., Pretoria.
Ruthven, Mnr. Danie — Posbus 1037, Pretoria.
Rutowitz, Mr. S. — 930 Arcadia St., Pretoria.
Serfontein, Mnr. V. — Brookstraat 122, Brooklyn.
Skinner, Mnr. W. J. (Lewenslid) — Prellerstraat 251, Muckleneuk, Pretoria.
Smith, Miss J. A. — 300 Flower St., Capital Park, Pretoria.
Solomon, Mnr. G. A. v.d. H. — Haakdoornboom, Posbus 736, Pretoria.
Spies, Dr. F. J. du T. — Dougallstraat 191, Muckleneuk, Pretoria.
Steen, Mnr. L. L. — Devenishstraat 26, Sunnyside, Pretoria.
Stegmann, Mnr. E. de V. — Posbus 344, Pretoria.
Steyn, Mnr. T. J. — Alphengebou Nr. 118, H/v Andries- en Skinnerstraat, Pretoria.
Strydom, Dr. S. — 7de Laan 28, Menlopark, Pretoria.
Swart, Mnr. A. (Lewenslid) — Avondale Mansions Nr. 4, Mainstraat, Pretoria.
Thiel ,Mr. A. C. H. — 35 Bond St., Clydesdale, Pretoria.
Trichardt, Mnr. & mev. J. de W. — Posbus 532, Pretoria.
Uys, Mnr. J. J. — Posbus 794, Pretoria.
Van Aardt, Mnr. J. H. M. — Afrikaanse Hoër Seunskool, Lynnwoodweg 1, Pretoria.
Van Alphen, Prof dr. & mev. G. — Beckettstraat 159, Pretoria.
Van Beyma, Mnr. & mev. W. — Pretoriusstraat 1217, Hatfield, Pretoria.
Van den Berg, Sy Eksellensie, Mnr. J. — „Oranjehof", Prinsloostraat 449, Pretoria.
Van der Lingen, Mev. E. C. — Duncanstraat 702, Pretoria.
Van Eck, Mnr. G. J. — p/a Vertaalseksie, Afd. v/d Stadskierk, Posbus 400, Pretoria.
Van Graan, Mnr. & mev. J. S. — Posbus 383, Pretoria.
Van Heerden, Dr. J. J. — Spoorwegkollege, Esselenpark, Pretoria.
Van Niekerk, Mnr. J. A. — p/a Dept. van Doeane en Aksyns, Sentrale Goewermentsgebou, Vermeulenstraat, Pretoria.
Van Niekerk, Mnr. Melt — p/a N.T.O., Rissikstraat 261, Pretoria.
Van Oudtshoorn, Mnr. & mev. W. F. van Rheede — Albertweg 98, Waterkloof, Pretoria.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Van Rooyen, Dr. T. S. — 21ste Laan 4, Menlopark, Pretoria.
Van Schaik, Mnr. J. L. — Victoriastraat 33, Waterkloof, Pretoria.
Van Vuuren, Mnr. & mev. J. J. — Van Heerdenstraat 301, Capitalpark, Pretoria.
Van Wyk, Mnr. H. S. J. — Bronkhorststraat 57, Groenkloof, Pretoria.
Van Wyk, Dr. S. L. — Johnstraat 208, Muckleneuk, Pretoria.
Van Zyl, Dr. & mev. A. J. — Duncanstraat 1106, Pretoria.
Verhoef, Mnr. & mev. K. J. M. — Huis „Die Blouvoet," Mombergstraat 769, Villieria, Pretoria.
Visser, Dr. & mev. Jan — Posbus 1904, Pretoria.
Vlok, Mnr. J. C. — De Kockstraat 396, Sunnyside, Pretoria.
Weiss, Mev. Hymne — Piet Retiefstraat, Stellenbosch.
Wepener, Mnr. F. J. — Centenary-gebou Nr. 319, Bureaulaan, Pretoria.
Wilson, Mnr. & mev. J. P. — Posbus 1554, Pretoria.

**Skole, Stadsrade, ens./Schools City Councils, etc.:—**

Danie Malanskool, Pretoria-Noord (Hoof: Dr. J. Oosthuizen).
Danvilleskool, Danville, Pretoria (Hoof: Dr. W. Punt).
Eendrachtskool, Bosmanstraat 89, Pretoria (Hoof: Mnr. H. Coertze).
Rietondale School, Rietondale, Pretoria (Principal: Mr. J. W. Krige).
Stadsraad va nSilverton (Burgemeester: Raadslid B. Auret).

**Denateurs vanaf Desember 1957/Donors since December 1957:**

Die Burgemeester, Raadslid/The Mayor, Councilor B. M. van Tonder — £1-1-0.

---

# Our Advertisers — Ons Adverteerders

*We gratefully acknowledge the following donations towards the publication of this edition:*

**CONSTANTIA BOTTLE STORE (HENRI HILLHORST, LTD.), 279 PRETORIUS STREET, PRETORIA** — One of Pretoria's Oldest Bottle Stores.

**PRETORIA UNITED DAIRIES LTD., 149 JACOB MARE STREET, PRETORIA.** Manufacturers of Dairy Products, Arctic Ice Cream, Flavoured and Sterilized Milk.

**ROADMASTER TYRE SERVICE (PTY.) LTD., 377 & 379 VERMEULEN STREET, PRETORIA.** For all Your Tyre Requirements; Stockists of all brands New Tyres; Retreading Specialists.

**SOUTH AFRICAN PERMANENT BUILDING SOCIETY, PERMANENT BUILDINGS, 200 PRETORIUS STREET, PRETORIA.**



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# PRETORIANA

ONDERSTAANDE is die aantal eksemplare van vorige nommers van „Pretoriana" wat nog in voorraad en te koop is. Tjeks moet alle bestellings vergesel en betaalbaar gemaak word aan: **Die Penningmeester, Genootskap Oud-Pretoria.**

There is still a limited number of copies of previous editions of „Pretoriana" available. When ordering please make all cheques payable to: **The Treasurer, Association Old Pretoria.**

Deel 1/Vol. 1: Nr./No. 1: Uit druk – Out of print.
Nr./No. 2: +—120 @ 5/– elk/each.
Nr./Nos. 3 & 4: Uit druk – Out of print.
Deel 2/Vol. 2: Nr. 1/No. 1: +—170 @ 5/– elk/each.
Nr. 2/No. 2: +—200 @ 5/– elk/each.
Nr. 3/No. 3: +—250 @ 5/– elk/each.
Nr. 4/No. 4: +—250 @ 5/– elk/each.
Deel 3/Vol. 3: Nr. 1/No. 1: +—170 @ 4/– elk/each.
Nr. 2/No. 2: +—270 @ 4/– elk/each.
Nr. 3/No. 3: +—260 @ 4/– elk/each.
Nr. 4/No. 4: +—480 @ 4/– elk/each.
Deel 4/Vol. 4: Nr. 1/No. 1: +—250 @ 3/– elk/each.
Nr. 2/No. 2: +—230 @ 3/– elk/each.
Nr. 3/No. 3: +—310 @ 3/– elk/each.
Nrs./Nos. 16 & 17 (Eeufeesuitgawe/Centenary Edition): +— 320 @ 6/– elk/each.
Nr./No. 18: +— 170 @ 3/– elk/each.
Nr./No. 19: +— 240 @ 3/– elk/each.
Nr./No. 20: +— 230 @ 3/– elk/each.
Nr./No. 21: +— 260 @ 3/– elk/each.
Nr./No. 22: +— 260 @ 3/– elk/each.
Nrs./Nos. 23, 24, 25: +— 300 van elk/of each @ 3/– elk/each.

Bestellings kan regstreeks geplaas word by: **Dr. W. Punt, p/a. Danville-skool, Marsburglaan 239, Danville, Pretoria.**

All orders should be sent to: **Dr. W. Punt, c/o Danville School, 239 Marsburg Avenue, Danville, Pretoria.**

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

**Genootskap Oud-Pretoria**
(Gestig 22 Maart 1948)

**Association Old Pretoria**
(Founded 22 March, 1948)

**Ons doel:** Om te waak oor die geskiedenis van ons stad en distrik.

**Our aim:** To preserve the past for the future of our city and district.

BESTUUR:

EXECUTIVE COMMITTEE:

*Ere-President* — DIE BURGEMEESTER VAN PRETORIA — *Honorary President.*
THE MAYOR OF PRETORIA.
*Voorsitter* — Dr. W. PUNT — *Chairman.*
*Ondervoorsitter* — Dr. G. W. EYBERS — *Vice-Chairman.*
*Sekretaris* — Dr. F. J. DU TOIT SPIES — *Secretary.*
*Penningmeester* — Mnr./Mr. G. RISSIK — *Treasurer.*
*Argivaris* — Mnr./Mr. A. M. DAVEY — *Archivist.*
*Redakteur* — Mnr./Mr. H. M. REX — *Editor.*
*Lede* — Mej./Miss J. H. DAVIES — *Members.*
Mnr./Mr. C. L. DE BRUYN.
Dr. V. FITZSIMONS.
Dr. J. PLOEGER.
Mnr./Mr. J. PRELLER.
*Verteenwoordiger van die Stadsraad / Representative of the City Council:*
Mnr./Mr. B. M. VAN TONDER.

Contributions may be sent to the Editor, P.O. Box 1422, Pretoria. Bydraes moet asb. gestuur word aan die Redakteur, Posbus 1422, Pretoria.

Gedruk deur Victoria Drukkery, Swemmerstraat 504, Gezina, Pretoria.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services